# 'N ONDERSOEK NA DIE ARMOEDE-DISKOERS EN DIE UITINGS PATRIARGIE, BLOEDSKANDE EN APARTHEID IN TRIOMF VAN MARLENE VAN NIEKERK.

DEUR

SHERRILYN HOOGBAARD

MINI-TESIS VOORGELê TER GEDEELTELIKE AANVULLING

VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

IN DIE

DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS

PROMOTOR: DR. MARION. HATTINGH

MEDE-PROMOTOR: PROF. AMPIE. COETZEE

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND
BIBLIOTEEK

LIBRARY
UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE

Ek verklaar hiermee dat

'N ONDERSOEK NA DIE ARMOEDE-DISKOERS EN DIE UITINGS PATRIARGIE, BLOEDSKANDE EN APARTHEID IN TRIOMF VAN MARLENE VAN NIEKERK.

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysings aangedui of erken het.

S. Hoogbaard
.........................

S. H O O G B A A R D

NOVEMBER 1996

Opgedra aan my seun, Sheridon - die sonskyn in my lewe.

**INHOUD**

**ONDERWERP** **BLADSY-NOMMER**


1. INLEIDING....................1

2. FOUCAULDIAANSE VERTREKPUNTE VIR DIE LEES VAN TRIOMF....................16

2.1 INTERPRETASIE....................16

2.2 DIE BEGRIP LETTERKUNDE....................17

2.3 DISKOERS....................19

2.3.1 DISKONTINUÏTEIT....................22

2.3.2 DOKUMENT....................23

2.3.3 DIE VERBAND TUSSEN DISKOERS, KENNIS EN MAG....................23

3. ARMOEDE....................28

3.1 ARMOEDE-DISKOERS....................28

3.1.1 OORSAKE VAN VERARMING ONDER DIE AFRIKANERS....................29

3.1.2 POGINGS WAT AANGEWEND IS OM VERARMING ONDER AFRIKANERS UIT TE SKAKEL....................33

3.1.2.1 DIE 1913- EN 1936 LANDWETTE.................... 34

3.1.2.2 DIE GROEPSGEBIEDEWET VAN 1950.................... 38

3.1.3 DIE KENMERKE VAN VERARMING....................42

3.2 KONSTRUKSIES VAN DIE ARMOEDE-DISKOERS IN TRIOMF....................43

4. PATRIARGIE....................58

4.1 PATRIARGIE AS ALGEMENE UITING....................58

4.2 KONSTRUKSIES VAN PATRIARGIE IN TRIOMF....................67

5. BLOEDSKANDE....................77

5.1 BLOEDSKANDE AS ALGEMENE UITING....................77

5.2 KONSTRUKSIES VAN BLOEDSKANDE IN TRIOMF....................81

6. APARTHEID....................87

6.1 APARTHEID AS ALGEMENE UITING....................87

6.2 KONSTRUKSIES VAN APARTHEID IN TRIOMF....................89

7. SLOT.......................................95

8. BRONNELYS..................................100

**OPSOMMING**

In hierdie studie is die fokus op die armeode-diskoers in Marlene van Niekerk se roman Triomf (1994). Daar word geredeneer dat die uitings patriargie, bloedskande en apartheid in die roman op 'n komplekse wyse met die armoede-diskoers verweef word.

Die ondersoek wil 'n bydrae lewer tot 'n ideologie-kritiese ondersoek van Van Niekerk se roman - 'n aspek wat tot dusver nie deur haar kritici genoegsaam behandel is nie. Om in dié doel te slaag, word daar veral van Foucauldiaanse insigte gebruik gemaak in verband met die begrip letterkunde, interpretasie en die verband tussen diskoers, kennis en mag. Feministiese sienings oor patriargie en bloedskande word ook betrek.

Om die roman se armoede-diskoers in perspektief te stel, word J. H. Coetzee se sosiologiese studie, Verarming en Oorheersing (1942), ook as interteks betrek.

Die studie dui aan dat Triomf uiteindelik as 'n uitgebreide kritiek op die patriargie gelees kan word. Tog bied die roman nie eensydige politieke oplossings nie. Die verskyning van die roman in die jaar van die eerste vrye verkiesing in Suid-Afrika is betekenisvol, want daardeur word geïmpliseer dat politici, ondanks die verskillende wyses waarop hul mag en dominasie hanteer, tog geen finale oplossing vir armoede het nie.

**ABSTRACT**

This study focusses on the discourse of poverty in Marlene van Niekerk's novel Triomf (1994). It is argued that the novel linkS patriarchy, incest and apartheid with the discourse of poverty in an intriguing and complex way.

The thesis makES a contribution towards an ideological reading of Van Niekerk's novel, an approach which - barely been applied. For this reason Foucauldian insights into the concept of literature, interpretation and the relationship regarding discourse, knowledge and power are used.

To put the novel's discourse on poverty in perspective, J. H. Coetzee's sociological study, Verarming en Oorheersing (1942) was used as an intertext.

The study shows that Triomf can be read as an extensive critique on patriarchy. But the novel shuns easy solutions. That Marlene van Niekerk's novel was published in the year of the first democratic election in South Africa, is important. The novel seems to imply that poverty remains, regardless of the shift in political games of power and dominance.

# HOOFSTUK 1

## 1.1 INLEIDING

Wanneer 'n mens Triomf (1994) van Marlene van Niekerk lees, is die ineenvlegting van sosiale en politieke kwessies opmerklik. Armoede en bloedskande word as inherente deel van die personasies se apartheid- en postapartheid-bestaan geteken. Dis 'n roman oor die proletariaat wat met sy verskyning aan die einde van eeue lange blanke regering in Suid-Afrika, felle kritiek lewer op politici.

Die Benades word so voorgestel dat hulle tegelyk bejammerenswaardig en verwerplik is. In die roman word hulle verteenwoordigend van ontaarde Afrikaners wat ondanks hul armoede, immorele leefwyse en afstootlike rassisme, hulself beter ag as baie ander mense. Weens die kru voorstelling van hierdie Afrikaner-familie (met gepaardgaande growwe taalgebruik), het die roman wyd uiteenlopende reaksies by Afrikaner-kritici uitgelok.

Die teks se verskyning het verskeie polemieke laat ontstaan, soos tereg voorspel is deur Barrie Hough. Hyself het die boek hoog aangeskryf en was van mening dat dit nie net onder letterkundiges en skrywers gewild sou wees nie, maar ook onder die breë leserspubliek (Hough, 1994a: 39). Skrywers wat die teks hoog aangeprys het, is Jeanne Goosen, wat dit as 'n groot boek, 'n "boek der boeke" beskryf het en John Miles, wat dit as 'n "grootse" roman bestempel het (Hough, 1994a: 39).

Volgens Louise Viljoen (1994:53) handel Triomf oor 'n werkersklasgesin en bevat dit 'n ontstellende inhoud, al word dit deurgaans op 'n deerniswekkende wyse aangebied. Die roman gaan geen kompromieë aan oor wat "polities-korrek" sou wees nie, en is 'n verhaal wat skerp kommentaar lewer oor die Suid-Afrikaanse samelewing.

Polities gesproke sien Viljoen Triomf as simbolies van die verwording wat gespruit het uit die apartheidsfilosofie. Die pa stem volgens 'n "familie-instink" in 1948 vir Malan. Die feit dat Triomf op die destydse Sophiatown se ruïnes gebou is, wys vir haar nog verder op die apartheidseksperiment se mislukking. Triomf bring nie vir die karakters die verligting wat beloof is deur die NP wat verantwoordelik was vir die implementering van apartheid nie. Teen hierdie agtergrond is die verhaal dus 'n herskrywing van Afrikaanse maatskaplike romans. As "urban nightmare" lewer dit ook 'n siniese antwoord op voorgangers wat dikwels probleme aangespreek het deur in een of ander mite (byvoorbeeld die plaas, die geloof of 'n politieke bestel) te ontvlug, (Viljoen, 1994:53). Volgens Viljoen beeld die personasie Mol ook beter as enige feministiese traktaat die posisie van die vrou in sulke omstandighede uit.

Viljoen sê tereg dat die grense tussen hoë en lae literatuur amper ongemerk oorgesteek word. Die "bissarrerie" skuil in die roman in die verskeidenheid makabere situasies wat deur die roman geteken word (Viljoen, 1994:53).

Marion Hattingh (1994:5) se resensie van Triomf in Southern African Review of Books het die roman ook aan 'n Engelse leserspubliek bekend gestel. Sy beskou Triomf as 'n belangrike mylpaal in die Afrikaanse letterkunde omdat dit die mites van 'n nuwe Suid-Afrika oortuigend blootstel. Sy beskou dit as 'n roman wat alle taboes uitdaag en van ruwe humor gebruik maak. Die verhaal lewer kommentaar op die relatiwiteit van alle politieke verskynsels en waardes. Volgens haar dui die lewensgeskiedenis van die Benades aan dat dit skynbaar meer as 'n Rekonstruksie en Ontwikkelingsprogram gaan kos om die proletariasasie van stedelike gebiede teen te werk (Hattingh, 1995:5).

Rykie van Reenen (1994:3) is een van die kritici wat dit beklemtoon het dat daar wel lesers is wat wil weet hoe Van Niekerk dit durf waag om te probeer voorgee dat daar wel sulke "vieslike vuilbek ingeteelde witmense" bestaan; terwyl sy nogtans die roman as ontroerend bestempel. Daarmee erken sy dus ook dat die boek nie deur alle lesers goed ontvang is nie (Van Reenen, 1994:3).

L. Venter (1994:17) beskou die afstootlike en die dekadente as die boustene van Triomf. Die leser se goeie smaak en sin vir welvoeglikheid word uitgedaag soos geen ander Afrikaanse teks dit nog ooit gedoen het nie, terwyl die teks ook wel deeglik bewus is van sy eie onwelvoeglikheid.

Van die letterkundiges wat die boek sterk afgekeur het, is Joan

Hambidge en Gawie Bothma. Hambidge (1994:3) erken dat sy nie so opgewonde is oor die roman nie, dat sy nie kan insien waarom die boek beter as enige van die vorige jaar se romans beskou word nie. Sy sien die positiewe resensies van die boek, as 'n "over the top"-bemarking, en glo dat dit slegs die skrywer skade aandoen (Hambidge, 1994:3). Volgens Bothma (1994:5) oortuig die roman glad nie as literêre werk nie.

Die roman het ook van nie-spesialis-lesers negatiewe reaksie ontvang. So het J.H. Le Roux (1994:14) in 'n brief aan Die Burger dit afgekeur as geskikte leesstof vir sy gesin en vriendekring, omdat dit, volgens hom, nie aan normale en aanvaarde sosiale standaarde en gesinswaardes voldoen nie. Tot hierdie sterk standpunt het hy gekom, ongeag die feit dat hy nog nie self die boek gelees het nie (Le Roux, 1994:14).

Volgens Du Preez (1994:6) het die Afrikaner nie op die tydstip, waar geveg word vir die behoud van sy taal, sulke letterkunde nodig nie. Sy beskou nie die boek as 'n triomf vir die Afrikaanse taal of letterkunde nie. Sy bevraagteken die nodigheid van die kru taalgebruik en "verfoeilike" uitdrukkings daarin, en voel dat 'n skrywer wat sy sout werd is, die gebeure "op 'n meer delikate manier net so lewensgetrou kon weergee". Sy beskou die bekroning van die boek ook as verregaande (Du Preez, 1994:6).

Die tema van armoede en spesifiek die verarmde Afrikaner is

welbekend in die Afrikaanse letterkunde. Van die bekendste voorbeelde is die Ampie-trilogie (1924, 1928 en 1942) van Jochem van Bruggen en Die Onterfdes (1944) van Holmer Johanssen en Klaradynstraat (1947) van Mikro.

Van Bruggen Johanssen en Mikro se werk is realisties in soverre dit 'n waarheidsgetroue, ongeïdealiseerde (onromantiese) uitbeelding van die werklikheid gee. Hierdie realistiese representasie is uiteindelik egter net 'n taalkonstruksie, en in dié sin is realisme 'n relatiewe begrip. (J van der Elst, in Cloete, 1992:417-418).

Ek wil beweer dat Triomf 'n tipiese postmodernistiese roman is, en dat dit 'n heeltemal ander soort werklikheidsvoorstelling as vroeëre romans oor armblankes gee. Die karakters word skrynend realisties voorgestel in 'n a-chronologiese, diverse reeks gebeure/situasies. Die leser moet die gebeure orden soos sy lees. Daar kom heelwat alledaagse skynbare onbenullighede voor (vandaar dan ook die klagtes dat die skrywer nie weet wanneer om te stop nie), wat aan die boek 'n los, amorfe voorkoms gee.

Ons vind dat die karakters hul eie ervarings gedurig dramatiseer. Hul skep gedurig hul eie stories en ontken sekere gebeure uit hul verlede wild en wakker, sodat die leser nooit seker is wat fiksie en wat werklikheid is nie. Die massamedia, veral in die vorm van televisie-uitsendings, word mildelik betrek, terwyl Treppie ook

gereeld die koerante byhaal. So word 'n veelheid van stemme opgeroep wat die Suid-Afrikaanse werklikheid interpreteer.

Waar armoedige karakters in vroeëre realistiese romans as naïewe, goeie mense uitgebeeld word wat heroïes teen hul lot stry, bied Triomf 'n skokkende nabyopname van die verlies aan menswaardigheid waartoe armoede lei. By van Bruggen kry 'n mens byvoorbeeld 'n verteller wat gebeure didakties-moraliserend aanbied, maar in Triomf ontbreek so 'n moraliserende vertelinstansie.

Die karakters leef in haglike omstandighede (hulle is met rommel omsingel en is self ook vuil). Hulle taalgebruik is deurspek met vloekwoorde en rassistiese opmerkings en is volgens algemene sosiale konvensies onaanvaarbaar. Die verhaal verskil dus drasties van die vroeëre realistiese romans, in dié opsig dat die Afrikaner in die laasgenoemde romans altyd "aanvaarbare" waardes gehad het, soos om netjies en eerbaar te wees.

Ook met betrekking tot die voorstelling van humor verskil Triomf van die ouer romans oor armoede. Waar die humor by Van Bruggen byvoorbeeld bedoel is om ons saam met die karakters te laat lag, is die humor by Van Niekerk dikwels wrang en ten koste van die karakters, sodat die leser nie weet of hy moet lag of huil nie (Hattingh, 1994:5).

Die verhaal, Triomf, speel hom af in die stad, 'n plek wat skynbaar

van die begin af die Afrikaner negatief gesind is, nadat hy gedwing is om die positiewe ruimte van die plaas te verlaat. Die klem in die roman val op vrae soos: Wat het daartoe gelei dat die Benades in armoede vasgeval het? Wat is gedoen om die probleem op te los? Waarom was dit onmoontlik om die probleem op te los, ten spyte van die pogings?

In Triomf speel die verhaal veral af teen die agtergrond van die grootstad op 'n tydstip toe industrialisasie 'n bloeitydperk in Suid-Afrika beleef het. Soos in vroeëre Afrikaanse literatuur word die stad hier in teenstelling met die platteland as 'n bedreiging geteken. Die stad dra by tot die ellende van die Benade-familie.

In hierdie tesis word aangevoer dat die armoede-diskoers wat 'n mens in Triomf aantref, direk aansluiting vind by die armoede-diskoers van historiese geskrifte soos dié van J. H. Coetzee (1942). In sy verslag Armoede en Oorheersing word heelwat redes genoem wat tot die verarming van die Afrikaners gelei het. Een van die redes wat hy aanvoer, is dat die Afrikaner, wat hoofsaaklik landbouers was, deur natuurrampe en die depressie verarm is en gedwing is om te verstedelik. Dit is ook dieselfde redes wat veroorsaak dat die Benades in Triomf hul plaas verloor en gedwing word om na die stad te trek.

Verder het die Afrikaner hom ook skuldig gemaak aan grootskaalse

wanbesteding. Waar hy wel geld verdien het, het hy dit oneffektief aangewend, sodat hy ook verder verarm het. So ook vind ons in Triomf dat Oupop sy geld wanbestee deur die Beyleveldts van kos te voorsien, aangesien hulle gebreklikes is wat nie vir hulself kan sorg nie. Ten spyte van die feit dat sy vrou hom waarsku dat hulle dit nie kan bybring nie, hou hy hardkoppig daarmee vol (p.116).

Volgens Coetzee (1942) is die belangrikste rede vir die armoede van die Afrikaner die Engelse se verdrukking van die Afrikaner sedert die neëntiende eeu toe die Engelse in Suid-Afrika aan bewind gekom het. Vanuit sy posisie van mag het die Engelse die Afrikaner verarm, deur dit wat vir hom waardevol was - sy grond - waardeloos te maak sodat hulle hom sodoende gedwing het om te verstedelik. In die stad het hy egter die Afrikaner verdruk deur hom slegs as arbeider binne die arbeidsmark toe te laat.

Binne hierdie stelsel is die Afrikaner verhinder om vir enige van die witboordjie-betrekkings te kwalifiseer, aangesien die Engelse Engels, wat 'n vreemde taal vir die Afrikaner was, as kommunikasietaal afgedwing het. Die Afrikaner, wat 'n vroeë vorm van Afrikaans gebesig het, is outomaties uitgesluit en het dit so aanvaar (Coetzee:1942). So het Oupop dan ook as arbeider na die stad gegaan, om niks meer as slegs 'n masjienrat te word nie. Daar het hy nou van 'n loon geleef waarmee hy sy gesin aan die lewe moes hou. Hy is verdruk van die oomblik dat hy sy voete in die

stad gesit het, en as gevolg daarvan en die feit dat hy geld nie effektief kon aanwend nie, verloor hy moed en pleeg hy selfmoord. Hy verloor dus die stryd teen die lewe.

In die lig van voorstellings in Triomf word geïmpliseer dat die magsposisie van mans in die Suid-Afrikaanse geskiedenis as 'n moontlike bydraende faktor tot die armoede-kwessie beskou kan word. Dit kan op grond van die roman se weergawe van die Benades se geskiedenis aangevoer word dat die Afrikaner van oudsher af 'n patriarg was, wat vroue en kinders verdruk en binne gesinsverband homself die alleenreg toe-geëien het om besluite namens die res van sy gesin te neem. Die vader-figuur was dus grootliks verantwoordelik vir die situasie waarin sy gesin beland. Die patriarg verdruk bepaalde groepe - in dié geval van Triomf die vroue en kinders.

Duidelike voorbeelde van patriargie kry ons in Triomf waar die oupa, die Oerpop, besluit om sy plaas te verkoop en met sy vrou as bywoners op sy broer se plaas te gaan bly. Die pa, Oupop, besluit om te verstedelik en as werker by die Spoorweë te gaan werk. Dus is dit duidelik dat die mans die besluite neem, besluite wat die lewens van die res van die gesin algeheel verander, maar waarin laasgenoemdes geen sê gehad het nie.

In die stad verarm die gesin vinnig. Hy kry nie 'n eie huis nie, en word gedwing om met sy gesin 'n huis saam met ander gesinne te

deel, aangesien die Spoorweë nie huise vir sy werkers voorsien nie. Daar word hulle kos gereeld gesteel en voorsien hulle ook die gebreklike Beyleveldts van kos. Alhoewel Oupop se vrou kapsie maak teen die feit dat hy bereid is om ook ander mense te voed uit sy verdienste, weier hy om gehoor te gee en dwing hy haar eerder om steeds vir die Beyleveldts te voed.

Oupop se houding noop dan ook sy kinders om op 'n vroeë ouderdom te gaan werk, sodat hulle kan oorleef. Daardeur verbeur hulle dan hul kanse om deur 'n goeie opvoeding aan die armoede te ontkom.

Nadat die Afrikaner in 1910 saam met die Engelse aan bewind gekom het, na hulle hul verset het teen die Engelse verdrukking en die Afrikaner in 1948 die alleenheerser in die land geraak het, het hy die apartheidsbeleid geformuleer en in werking gestel. Die Afrikaner-regering het die Groepsgebiedewet van 1950 geproklameer, wat op die verdrukking van ander rasse gebaseer is. Daarvolgens word ander groepe op grond van ras verdruk. Die patriarg het dieselfde houding wat hy in sy huis teenoor sy vrou en kinders geopenbaar het, toegepas op die swart rasse. Hy het vir die ander rasse besluite geneem, sodat aangevoer kan word dat die roman 'n moontlike verband tussen patriargie en apartheid aandui.

Nog 'n tema wat naas armoede en patriargie opmerklik in <u>Triomf</u> voorkom, is bloedskande. Bloedskande is 'n verskynsel waarin daar

seksuele kontak voorkom tussen familielede, mense wat dus bloedbande met mekaar het. Daar is 'n universele verbod op bloedskande, maar uit die geskiedenis en alledaagse mediaverslae blyk dit dat die verbod dikwels verontagsaam word.

Volgens feministiese beskouings dui bloedskande ook op uitbuiting deur die patriarg. Dit gaan vir feministe oor die magsverhouding tussen groepe: tussen mans en vroue, en tussen mans en kinders (Bell:1993). Bloedskande veronderstel dat die man deur 'n daad van geweld sy mag demonstreer. Die algemeenste verskynsel is die vader-dogter-bloedskande, waar die pa 'n bloedskandelike verhouding met die dogter het.

In Triomf vind ons dat die kinders bloedskandelik met mekaar begin leef. Die leefwyse ontstaan juis vanweë Oupop se patriargale houding waarin hy alleen besluite neem en daar gedoen word soos hy sê. Hy stem vir die NP vanweë hulle standpunt wat ooreenkom met sy opvatting " Hou bymekaar wat bymekaar hoort" (p. 118). Hy eis dat hulle apart moet leef en leer hulle dat hulle nie ander mense nodig het nie, aangesien hulle beter as ander mense is.

Sy onversetlike houding gee ook daartoe aanleiding dat sy kinders bedags alleen by die huis agter gelaat word, sonder toesighouding. Sy hardkoppige weiering om spaarsamig met kos te werk deur net sy gesin te voed, noop Oumol ook om te gaan werk. Sodoende is daar niemand wat die seksuele speletjies tuis kan stopsit nie, sodat die

kinders vir die res van hul lewe in die bose kringloop van bloedskande vasgevang word.

'n Kind, Lambert, word uit die verhouding tussen die broers en die suster gebore, wat ook opgeneem word in die bose kringloop aangesien sy ma 'n bloedskandelike verhouding met hom het. In sy veertigste jaar kry die ma egter die moed om hom seks te weier en begin sy daarmee beheer oor haar lewe neem deur ook haar sê te sê en besluite te begin neem. Hy, net soos die res van die Benades, kom nie tot trou om sodoende sy eie gesin te vorm nie. Net die Benades meng met mekaar, sodat hulle geïsoleerd lewe, sonder intieme kontak met die res van die gemeenskap.

Van die verwording van Apartheid kry ons voldoende voorbeelde in Triomf. Ons lees dat Sophiatown se inwoners gedwing word om te verskuif, omdat die area vir wittes gereserveer is, 'n verskynsel wat dikwels voorgekom het aangesien die wit Nasionale Party (NP)-regering die land in groepsgebiede verdeel het. Die beste grondgebiede is vir die wit mense gehou, terwyl swart mense uitgeskuif is na verafgeleë dele. Daar is verskeie tekens in die roman van hoe daar teen swartes gediskrimineer is op sosiale sowel as politieke gebied. Verder sien ons ook aan die wit karakters se houding teenoor die ander rasse dat hulle hul minag en dat hulle swartes as minderwaardig bejeën en openlik teen hulle diskrimineer.

Wanneer die verskynsels armoede, patriargie, bloedskande en apartheid binne die romankonteks bestudeer word, lyk dit asof daar 'n betekenisvolle verband tussen die verskynsels bestaan en dat patriargie die middelpunt is waarom die ander drie verskynsels draai. In die tesis gaan dus gepoog word om te bewys dat die verskynsels armoede, bloedskande en apartheid telkens kritiek lewer op die patriargie.

**1.2. PROBLEEMSTELLING**

Die vraag wat hierdie ondersoek wil beantwoord, is of Marlene van Niekerk se roman, Triomf as 'n uitgebreide kritiek op die patriargie gelees kan word. 'n hipotetiese antwoord op die vraag (gebaseer op detail uit die roman) is dat die voorstelling van die ontaarde Afrikaner - "gesin", die Benades, 'n metafoor is vir die afloop van 'n era waarin blanke mans die politieke en maatskaplike toneel in Suid-Afrika oorheers het.

Konstruksies van armoede in Triomf sal naas relevante politieke intertekste geïnterpreteer word om vas te stel in watter mate die aanname stand hou dat die armoede-diskoers, sowel as verwante uitings soos bloedskande en apartheid, met kritiek op die patriargie skakel.

**1.3. DOELWITTE**

Die doel van die studie is eerstens om aan te toon dat Triomf skerp sosiale en politieke kritiek lewer . Hierdie ondersoek wil

die ideologie-kritiese aspekte van Van Niekerk se roman, wat grootliks deur die kritici agterweë gelaat is, duidelik na vore te laat kom.

Die aard van die verhouding tussen armoede, patriargie, bloedskande en apartheid gaan aangedui word. Daar word van die aanname uitgegaan dat die besondere verhouding tussen hierdie konsepte bepalend is vir 'n verstaan van die politieke en sosiale kritiek wat die roman lewer.

**1.4 NAVORSINGSPROSEDURE**

Die studie behels 'n analitiese intertekstuele studie van verskeie tekste wat handel oor die onderwerpe armoede, patriargie, bloedskande en apartheid vanuit verskeie dissiplines om vas te stel hoe dit telkens die mag van die patriargie bevestig. Die historiese tekste sal in dialoog geplaas word met die primêre teks, Triomf, van Marlene van Niekerk.

Die roman sal bestudeer word volgens Michel Foucault se siening van diskoers. Volgens hom is 'n diskoers 'n groep uitings wat deur formasiereëls, kennisstrukture, linguïstiek en konseptuele strategieë beheer word. Omdat die manier waarop ons die wêreld ervaar, bepaal word deur taal, kom verskeie diskursiewe formasies saam om histories spesifieke episteme te vorm: wêreldbeskouings, kennisstrukture en ideologiese konstruksies. 'n Episteem is vir Foucault 'n historiese en ideologiese term wat verband hou met die

reëls en prosedures om kennis in 'n bepaalde tydvak te produseer.

Relevante feministiese teorie oor kwessies soos bloedskande en die gesin sal ook as vertrekpunt gebruik word by die analise van die roman.

## HOOFSTUK 2

## FOUCAULDIAANSE VERTREKPUNTE VIR DIE LEES VAN TRIOMF

Die omvang en verskeidenheid van die Franse filosoof Michel Foucault se filosofie, maak dit moeilik om hom te kategoriseer. Sy werk kan wel poststrukturalisties genoem word in dié sin waarin hy sekerhede oor taal ondermyn en dominante beginsels dekonstrueer. In hierdie hoofstuk word vir die doel van hierdie minitesis slegs kortliks stil gestaan by enkele Foucauldiaanse aannames wat my studie van Triomf onderlê.

### 2.1 INTERPRETASIE

"It is more a job to interpret the interpretation than to interpret the things, and there are more books about books than about any subject: we do nothing but write glosses about each other" (Foucault in Suleiman & Grosman, 1980:287). Volgens Foucault skryf taal die wêreld, sodat die representasie van die wêreld in taal vasgevang word (Foucault, 1970:37). Skrif het dus voorkeur begin kry (Foucault, 1970:38), aangesien mense die wêreld leer ken deur middel van geskrewe werk.

Vanaf die eerste beskrywing van die wêreld het interpretasie daardie beskrywing opgevolg. Interpretasies van die geskrifte van die wêreld is belangrik. Elke kommentaar/interpretasie is 'n soeke na die oorspronklike, dit wat eerste geskryf is (Foucault, 1970:41).

Interpretasie raak ook Foucault se denke oor die ondermyning van totaliteite en die wegdoen met waarhede. Hy trek die waarheid van "'n feit" in twyfel. Volgens Foucault bestaan daar nie so iets soos 'n feit nie, maar net gedurige opeenvolging van interpretasies. Daar is dus geen ruimte vir 'n absolute nie, nie in wat saamgestel is as 'n teks of in terme van "waarheid" nie. Daar is dus geen plek vir "objektiwiteit" nie, en geen kennis is dus vir altyd staande nie (Birch, 1991:16).

Interpretasies kan nooit eindig nie, omdat daar nooit 'n stadium is waar daar nie iets is om te interpreteer nie. Daar bestaan nie 'n primêre feit of waarheid nie, aangesien alles fundamenteel reeds interpretasie is. Enige persepsie van die realiteit is 'n intellektuele konstruk.

## 2.2 DIE BEGRIP LETTERKUNDE

Die begrip letterkunde is 'n onlangse skepping. Die begrip het in die neëntiende eeu ontstaan, alhoewel daar altyd in die westerse samelewing letterkunde (narratiewe en poësie) bestaan het (Foucault, 1970:203). Volgens hom is die begrip spesifiek geskep vir die bourgois-epog in die neëntiende eeu (Foucault, 1970:300).

Ook die skeiding van die begrip van ander taalgebruiksvorme is 'n onlangse verskynsel. In die klassieke tyd het dit eers deur middel van representasie (ouer romans tot in die 19de eeu) gewerk, en in

die moderne en postmoderne tyd het taal op haarself begin dui; dit wou net haarself bevestig en uitdruk (Foucault, 1970:203). Taal het dus 'n objek van kennis geword (Foucault, 1970:305).

Volgens Foucault (1970:22) moet ons die sistematisering van eenhede bevraagteken, omdat dit kontinuïteit impliseer as jy eenhede kry. Groeperings word gemaak om kontinuïteit te probeer behou, en die verskille word geïgnoreer. Groter groeperings soos literatuur, filosofie, godsdiens, geskiedenis moet ook bevraagteken word (Foucault, 1972:22).

Volgens Marxisme bestaan letterkunde nie in isolasie nie. Die beskrywing van letterkunde staan byvoorbeeld nie buite die geskiedenis of die ekonomie nie. Verskeie diskoerse kruis mekaar en moet by die interpretasie van letterkunde in ag geneem word (Foucault, 1972:23).

Die boek is nie net die objek wat mens in jou hand hou nie en dit kan nie net bly binne ditself nie. Die eenheid van die boek is veranderlik en relatief. Sodra daardie eenheid bevraagteken word, verloor die boek sy self-bewys, dit dui op ditself, bou ditself slegs op die basis van 'n komplekse veld van diskoerse (Foucault, 1972:23). Die eenheid van die boek moet afgebreek word, omdat dit deel vorm van ander diskoerse. Die boek se eenheid is dus deel van 'n verskeidenheid. Sy eenheid is veranderlik en relatief (Foucault, 1972: 23).

Ons kan dus nie regtig praat van 'n diskoers soos letterkunde nie, aangesien dit sy eie diskoers bepaal, maar dit ook self afbreek. Ons kan egter praat van 'n narratiewe diskoers. Dus word die konsep van absolutes afgebreek. (Foucault, 1970:22).

## 2.3 DISKOERS

Diskoers is vir Michel Foucault 'n groep uitings, wat deur formasiereëls, kennisstrukture, linguïstiek en konseptuele strategieë beheer word. Omdat die wêreld wat ons ervaar, bepaal word deur taal, kom verskeie diskursiewe formasies saam en vorm histories spesifieke episteme: wêreldbeskouings, kennisstrukture, ideologiese konstruksies (Seymour-Smith, 1986).

Die studie van diskoers lei onvermydelik tot die studie van instellings, dissiplines, en intellektueles (Bove in Lentricchia & Mc Laughlin, 1990:59).

'n Diskursiewe formasie bestaan volgens Foucault uit spesifieke "eenhede"/uitings, of denkvorme, gebruike of gebeurtenisse wat op spesifieke tye voorgekom het. Dit hou dus vorme van diskontinuïteit voor (Foucault, 1972:28).

'n Uiting is 'n gebeurtenis wat nie deur die taal of die betekenis uitgeput kan word nie. Dit is eerstens verbind aan skryf of aan spraak, en stel dit self bloot tot 'n residuele bestaan in die herinneringsveld, of in die materialiteit van manuskripte, boeke of

enige ander vorm van opname. Tweedens is dit, soos enige ander gebeurtenis, uniek, maar steeds onderworpe aan herhaling, transformasie en reaktivering. Derdens is dit nie net aan die situasie wat dit ontlok het, verbind nie; of aan die gevolge daarvan nie, maar ook in ooreenstemming met 'n heeltemal ander modaliteit - aan die uitings wat dit voorafgegaan het en dié wat dit opvolg (Foucault, 1972:28).

Volgens Foucault konstitueer uitings hulself binne diskoerse. Die diskoers verander homself gedurigdeur. Daar word gedurig ander uitings bygevoeg wat dit transformeer, of die uitings binne die diskoers verander (Foucault, 1972:32).

Tekste beteken nie net vir Foucault weens hul veronderstelde "objektiewe" strukture nie, maar omdat hulle die resultate is van diskursiewe formasies "wat in die ideologiese sisteem van 'n samelewing verwikkeld is. Diskoers is 'n sosiale proses, waarvan sy subjekte "interdiskoerse" is, en ideologies en polities deur 'n verskeidenheid van diskursiewe praktyke bepaal is (Said in Birch, 1991:15).

Alle diskoerse bestaan reeds; hulle het nie hulself gemaak nie. "The frontiers of a book are never clear-cut: beyond the title, the first lines, and the last full stop, beyond its internal configuration and its outonomous form, it is caught up in a system of references to other books, other texts, other sentences: it is

a node within a network" (Foucault, 1972:23).

'n Diskoers ontstaan skielik sonder dat daar 'n spesifieke tyd aangekoppel kan word. Dit gaan uiteindelik nie vir die letterkundige oor die beginpunt vir die ontstaan daarvan nie. Die feit dat die boek nie as outonome teks gesien word nie, moenie daartoe aanleiding gee dat die boek as eenheid verwerp word nie, maar die leser moet ander vrae daaroor vra - die vrae wat deur die boek self gevra word, of die simboliese oplossings wat dit self gee. Die leser moet dus vrae uit die boek formuleer - en in die geval van die Suid-Afrikaanse letterkunde sal dit dekades terug geneem kan word tot by kolonialisme, na die breë politieke diskontinuïteit. Die leser moet die diskursiewe gebeure net gewoon beskryf (Foucault, 1972:25-27).

Diskoers moenie verwys na die verafgeleë teenwoordigheid van die oorsprong nie, maar moet behandel word as en wanneer die diskoers self voorkom (Foucault, 1972:25).

Alle gevestigde diskoerse is heimlik gebaseer op 'n "alreeds-gesêde". Die "alreeds-gesêde is nie net 'n frase wat alreeds gesê is, of 'n teks wat alreeds geskryf is nie, maar 'n "nooit-gesêde"; 'n stem wat stil is; 'n skrywe "that is merely the hollow of its own mark". Dit word dus aangeneem dat alles wat 'n diskoers formuleer, reeds geartikuleer is in daardie semi-stilte wat dit

voorafgaan. Die nie-gesêde is 'n leegte wat van binne af alles ondermyn wat gesê is (Foucault, 1972:25).

Foucault se werke wys konsekwent hoe sogenaamde objektiewe historiese verslae altyd produkte is van 'n magstryd wat deur formasies van kennis binne spesifieke instellings in werking is. Sy eie "geskiedenisse" bied weerstand teen die allure van "totale teorieë", "which offer overaching narratives and instead focus attention on the 'other'" wat uitgesluit is deur en versterk word deur sulke verslae (Rice,& Waugh, 1989:260).

### 2.3.1 DISKONTINUÏTEIT

Foucault (1974a:4) dui ook die belangrikheid van die breuk in die geskiedenis aan. Die tyd van die breuk in die geskiedenis is belangrik, eerder as die tyd tussen die breuke. Reg deur die verloop van 'n genre, denke of denkrigting moet mens probeer om die diskontinuïteite vas te stel (Foucault, 1972:4).

Die ontwikkeling van die verloop van kennis word verbreek. Die werk van die skrywer is om vas te stel waarom die breuk plaasgevind het; wat die kondisies vir die breuk was (Foucault, 1972:5). 'n Mens wil normaalweg orde skep, sistematiseer, daarom sal jy normaalweg twee breuke in die geskiedenis isoleer en bepaal wat tussen daardie breuke lê. Die konsepte wat daartussen verander, moet geïdentifiseer word.

Die modaliteite (diskursiewe formasies) funksioneer verskillend in verskillende historiese episteme (periodes). Die geskiedenis van episteme is nie 'n geval van progressie of kontinuïteit nie, maar van diskontinuïteit (Rice & Waugh, 1989:195-196).

### 2.3.2 DOKUMENT

Die dokument is die kruising tussen die kontinuïteit en die diskontinuïteit. Die beskouing van die dokument moet egter oorgaan na die beskouing van die dokument as monument; wat lê in die materialiteit van die dokument. Om die dokument te bestudeer, moet dit eers as 'n materiële objek gesien word. Die oppervlak van die dokument, hoe dit geskryf is en wat die reëls vir die skryf daarvan was, moet bestudeer word. Monumente is die materialiteit van die teks (Foucault, 1970:22).

### 2.3.3 DIE VERBAND TUSSEN DISKOERS, KENNIS EN MAG

Foucault se werk verskaf 'n manier waarmee die verhouding tussen teks/diskoers en mag/praktyk ondersoek kan word. Hy het die werking van diskursiewe praktyke binne instellings na vore gebring; en die terme van sy analise skyn onmiddellik toepasbaar te wees op die studie van diskursiewe formasies van literêre studies (Rice & Waugh, 1989:196).

In die konfigurasie van diskoers, kennis en mag kry ons die produksie en beskouing van die sosiale self. In hierdie model lyk die verhouding tussen taal en die sosio-kulturele praktyk dikwels

asof dit diskoerse beklemtoon as beheer en repressie, maar hierdie funksie word dikwels geplaas teen 'n beheptheid met vorme en geskrifte wat die sosiale rasionaliteit ontvlug (Seymour-Smith,1986).

Die sosiale word geproduseer in die netwerk van diskoerse en diskursiewe praktyke waardeur ons skynbaar kennis van die wêreld bekom. Dit is die modaliteite van diskoerse en diskursiewe praktyke wat eintlik self die kennis en die sosiale self produseer (Rice & Waugh, 1989:195).

In The Order of Discourse handhaaf Foucault die balans tussen die klemverskuiwing vanaf diskoers na mag. Waar hy in sy vroeëre werke daarna gestreef het om die beginsels van reëlmatigheid waarmee kennis geproduseer is, aan te dui, het hy hierin die magte en tegnologieë (voorwaardes vir die moontlikheid) van mag waardeur die produksie van diskoers en kennis beskou en beheer word, uiteengesit. As dit hierin lyk asof mag repressief is, moet sy latere werke in ag geneem word waar hy uitlig dat mag produktief is - mag produseer diskoers, en bepaal ook sy grense (Rice & Waugh, 1989,196).

Verset moenie as die teenoorgestelde van mag beskou word nie. Dit is deel van mag. Vorme van verset word deur bepaalde heersende vorme van magsuitoefening geskep en geproduseer - dus kragvelde. Verset word ook bepaal in sy beginsels en strydkrete deur dit wat

die verset uitlok. Verset teen mag is self 'n vorm van mag (Foucault in De Jong, 1989:15).

Verset teen mag is egter slegs effektief as dit van die randkante van 'n sisteem kom as handelinge wat die heersende magsvorme self begin ondermyn - as mikroverset. Om een vorm van mag bloot met 'n ander aangekondigde een te vervang, impliseer dat die magstruktuur as sodanig dieselfde gebly het. Verset moet die strategiese polities-ekonomiese stand van sake aantas (Foucault in De Jong, 1989: 17).

In Discipline and Punish en The History of Sexuality van Foucault word kennisstelsels gedefinieer as onlosmaaklik verbind met magsregimes. Magstelsels bring verskillende tipes kennis na vore wat weer materiële effekte het in die liggame van sosiale agente wat dien om die oorspronklike magsformasie te versterk. Volgens McNay sê Foucault dat mag kennis produseer, dat mag en kennis mekaar direk impliseer, dat daar skynbaar geen magsverhouding sonder die korrelatiewe konstitusie van 'n kennisveld is nie, of enige kennis wat nie terselfdertyd magsverhoudings voorveronderstel en konstitueer nie (McNay, 1994:63).

Ontleding word dus 'n politieke aktiwiteit en beskou alle tekste as polities, omdat alle diskursiewe formasies polities is. Dit is polities omdat dit, (soos Nietzsche reeds aangedui het) betrokke is by mag, en mag volgens Foucault (1974a:95) onvermydelik is. Deur

kennis te verstaan, begin jy ook die spel van mag verstaan; wat daarby betrokke is. Die ontleding van diskoers, en van diskursiewe praktyke wat teks genereer, is 'n ontleding van die geskiedenis, aangesien geskiedenis basies 'n reeks diskursiewe praktyke is, elk met sy eie spesifieke ideologieë en maniere om mag te beheer (Birch, 1991:16).

Foucault se werk het nuwe vorme van historiese vrae na vore gebring. Dit het Marxistiese werke konkreet en spesifiek bevraagteken, om ontwikkelde alternatiewe te voorsien vir tradisionele Marxistiese verslae van die mutasies in die struktuur van magsverhoudings wat met die ontwikkeling van kapitalisme geassosieer word (Benet, 1988:248).

Die kenmerke van die mag-kennis-verhouding is die volgende: uitsluitingseffekte, diskwalifikasie- en ontkenningseffekte, strategiese motiverings, tegnologiese beheer, dit wil sê beheer deur definisie, beskrywing en dus inskakeling en mobilisasie, die dispositief. Die dispositief is die eintlike motief en heimlike strategiese verbinding tussen verskillende moontlik uiteenlopende optredes met uiteenlopende referente of skynoogmerke (De Jong, 1989:16).

Teen hierdie teoretiese agtergrond en deur gebruik te maak van tekste uit ander dissiplines wat in dialoog met mekaar geplaas word, sal die teks Triomf van Marlene van Niekerk as volg bestudeer

word:

In hoofstuk 3 sal die rol van mag in die diskoers armoede bestudeer word. Die uitings wat daardie diskoers vorm, byvoorbeeld Engelse verdrukking, verset deur die Afrikaner, wit oorheersing, apartheid, swart verdrukking, gedwonge verskuiwing, swart verset, is uitings wat bestudeer sal word. Die uitings sal rondom bepaalde dokumente, die 1913 "Naturellen Grond Wet" en 1936 "Naturelletrust en Grond Wet" (dus die 1913 en 1936 Grondwette) en die Groepsgebiede Wet van 1950 bestudeer word, aangesien hierdie wette as breuke in die Suid-Afrikaanse situasie gesien word.

In hoofstuk 4 sal die die rol van mag (veral die mag van die man) in die uitings patriargie, bloedskande en apartheid bestudeer word. Daar sal veral gekyk word na feministiese perspektiewe op die uitings om te bewys dat daar 'n onderlinge verband tussen die drie uitings bestaan - dat bloedskande en apartheid uitings is van patriargie.

HOOFSTUK 3

## 3. ARMOEDE

In hierdie hoofstuk is die fokus op armoede in die breë en meer spesifiek binne Suid-Afrikaanse konteks. Die doel van hierdie ondersoek is om die ooreenkomste tussen historiese tekste en Triomf aan te dui. Daardeur sal dit blyk hoe Triomf by die Suid-Afrikaanse armoede-diskoers aansluit.

### 3.1 DIE ALGEMENE ARMOEDE-DISKOERS

Armoede is 'n inherente verskynsel van die menslike samelewing. Reg deur die sosiale geskiedenis van die mens hoor ons van sy stryd teen verarming en armoede (Coetzee, 1942:1). Deur alle eeue heen bly die verskynsel voortbestaan - sodat selfs Jesus die profetiese woorde uiter aan sy dissipels: "Die armes sal julle altyd by julle hê..." (Joh,12:7)

Armoede word primêr gesien as dat daar nie in die basiese behoeftes van die persoon voorsien word nie. 'n Persoon met gebrekkige geestelike vermoëns word armlastig as hy nie oor genoegsame stoflike vermoëns beskik nie. Die geestelike vermoëns kom dan tot verval, die persoonlikheid word vernietig en die selfstandigheid word ingeboet, en so 'n persoon word dan algeheel van die staat afhanklik. Dit vorm die ergste graad van verarming as maatskaplike probleem (Coetzee, 1942:11).

Om so 'n persoon te help, moet die skadelike faktore uitgeskakel

word en die persoon se uitwendige omstandighede verbeter word. Die pogings slaag egter dikwels nie, omdat beide die persoonlikheid en die uitwendige ekonomiese omstandighede herstel moet word. Die regte en beste gebruik van die stoflike middels is die bepalende faktor vir die bestaan van armoede of rykdom. Mense kan heel dikwels voldoende inkomste hê, maar dit dan wanbestee sodat hulle verarm (Coetzee,1942:11-12).

**3.1.1 DIE OORSAKE VAN VERARMING ONDER DIE AFRIKANERS**

Coetzee (1942) gee heelwat oorsake van verarming onder die Afrikaners wat, soos later aangetoon sal word, nou ooreenstem met die voorstelling van armoede in Triomf. Hy vermeld die volgende oorsake:

1. Die Afrikaner wat van toeka se dae af hoofsaaklik 'n landbouer was, is gereeld deur natuurrampe getref en is sodoende groot skade berokken.

2. Die Afrikaners het hulle ook gereeld skuldig gemaak aan wanbesteding. Hulle het die geld wat hulle verdien het, wanbestee.

3. Ook rondom grond het daar probleme ontstaan. Na die boer se afsterwe is sy grond, geslag na geslag, onder sy seuns verdeel. Later het die grond so klein geword, dat die broers dit aan een van hulle verkoop het, en dan verstedelik het. So het klein dorpies dan ook ontstaan

(Coetzee,1942:58).

Coetzee (1942) spel dit egter duidelik uit dat die natuurrampe nie net as oorsaak gesien moet word nie, maar eerder as 'n faktor wat positief bygedra het tot 'n toestand wat deur ander faktore voorberei is. Hy noem die proses die toestand van 'n onderworpe of verdrukte volk in die mag van 'n liberalistiese en imperialistiese veroweraar. Suid-Afrika se geskiedenis is dus tipies van 'n gebied wat deur die koloniserende moondheid uitgebuit word om sy eie burgers te verryk (Coetzee, 1942:59).

Die geskiedenis van Suid-Afrika gee duidelike tekens van die verdrukking van die Afrikaner deur die Engelse. Na die bewindsoorname deur die Engelse in die agtiende eeu het Engeland die Afrikaner se kultuur onderhorig aan hulle s'n gestel. Onder die Engelse se mag is die gemeenskapstruktuur vervang met 'n struktuur wat op 'n heerskappybeginsel gebaseer is (Coetzee,1942:62).

Die Engelse het vanuit hul posisie van mag die Afrikaner verdruk sodat laasgenoemde as volg beïnvloed is:

Hy het 'n minderwaardigheidshouding ontwikkel, wat die basis vir werklike verarming is. Die Engelse, daarteenoor, het as gevolg van hul militêre en staatsmag 'n meerderwaardigheid ontwikkel (Coetzee, 1942:63). Die Engelse het ook die kennis, in die vorm van taal,

gebruik om hul posisie van mag te vestig en te behou. Die Engelse het 'n verengelsingsbeleid opgestel, wat daartoe aanleiding gegee het dat 'n persoon slegs as geleerd beskou is as hy Engels kon skryf en praat. Engels was die sleutel tot beskawing en kultuur (Coetzee,1942:64-65).

Die Afrikaner se taal is as minderwaardig beskou en hy moes Engels aanleer of sy kanse op geletterdheid verbeur. Daardeur was hy ook uitgesluit uit die staatsdiens, die politiek en die geregshowe. Die Afrikaner sou eerder verlies ly, as om sy reg in die vreemde hof te gaan verdedig. Selfs toe hy wel toegang verleen is, het sy spreektaal hom gekortwiek (Coetzee, 1942:64).

Selfs die kind van die Afrikaner het minderwaardig teenoor die Engelssprekendes gevoel, sodat hy sielkundig gestrem is in sy skoolprestasies. Hy het dan liewer die skool verlaat. Die boerseun het eerder agter gebly op die platteland - die bakermat van die Afrikaner se verarmingsprobleem (Coetzee, 1942:65-66).

Die stad, wat onder Engelse beheer was, was ook die sentrum van die ekonomiese lewe. Die setel van verdienste, wins en kapitaal het so vir die Afrikaner geslote gebly. Die Engelse het in beheer van die land se rykdomme gebly en het ekonomiese, politieke en sosiale mag, sonder kompetisie, verower. Selfs die Afrikaners wat wel geleerd geraak het, het so verengels dat hy deur sy volksgenote as 'n volksloënaar beskou is (Coetzee,1942:66).

Die industrialisasieproses het ook bygedra tot die verarming van die Afrikaner. Die industrialisasieproses in Suid-Afrika, wat grotendeels deur die Engelse beheer was, is teweeggebring deur die ontdekking van goud en diamante. Die boer het gely omdat die grond vir die delwer slegs ekonomiese nut gehad het. Die Engelse het slegs belang gestel om die rykdomme daaruit te verwyder. Sodoende het die mynbou aanleiding gegee tot die ontstaan van nuwe waardes en sosiale verhoudings (Coetzee, 1942:104).

In die stad is die ruilhandel vervang met geldhandel. Kapitaalbeleggings in vee en grond was van veel minder belang as effekte en aandele. Die boer se waardes is nie meer herken of erken nie. Hy het geen kennis gehad van die ekonomiese lewe nie, en het ook nie veel daarin belang gestel nie (Coetzee, 1942:104-105).

Die Afrikaner was nie meer in beheer van sy eie finansiële lewe nie. In die nuwe stelsel het dit om wins ter wille van wins gegaan, en die mens is net as 'n meganies-bewegende masjienrat beskou. Sy sosiale status is aan sy stoflike besittings gemeet en die verskil tussen ryk en arm is sterk uitgedruk. Die Afrikaner was egter nie bereid om aan te pas nie en het bly vasklou aan sy tradisionele waardes, sodat hy die slagoffer geword het van 'n meedoënlose stelsel (Coetzee, 1942:106-107).

Die Engelse het ook die nuwe markte beheer. Die stedeling het die

boer se ekonomiese bestaan oorheers. Die Afrikaner wat verstedelik het, het die ekonomiese lewe as arbeider binne getree. In die arbeidsmark is die Afrikaner gestroop van sy eie persoonlikheid; hy het geen selfstandige verantwoordelikheid gehad nie en was slegs 'n meganiese werktuig soos die masjien wat hy beheer het. Ook in sy arbeidskrag was hy dus verarm (Coetzee, 1942:107-108).

Die Afrikaner se arbeidskrag is vir die stelsel in koopkrag omgesit. Die Afrikaner moes noodwendig sy geld in Engelse ondernemings spandeer. Die geld het dan deur die kanale van die groothandel-instellings en fabrieke gevloei en die voordele daarvan is dikwels in die buiteland aangewend, sodat die Afrikaner en sy mense selfs uit sy verdienste nie voordeel getrek het nie (Coetzee,1942:108-109).

### 3.1.2 DIE POGINGS WAT AANGEWEND IS OM VERARMING TEEN TE WERK

Wetgewing is veral gebruik om die verarming van Afrikaners stop te sit, om sodoende die witmense en veral die Afrikaners te bevoordeel ten koste van die anderskleuriges, wat verdruk is in die proses. Geen oorlog of revolusie het plaasgevind om mense te bevoordeel nie, maar 'n hele sisteem is daarvoor ingespan.

Die uitings wat hieronder resorteer, is byvoorbeeld Afrikanerverset teen Engelse oorheersing; industrialisasie, die ontvolking van die platteland, verstedeliking, swart verdrukking en swart verset; wit bevoorregting (dus waar witmense bevoordeel word op grond van ras),

grond en grondbesit, gedwonge verskuiwing en apartheid.

Baie van die uitings is vervleg met mekaar, asook hewig beïnvloed deur die 1913- en 1936 "Naturelletrust en Grond Wet en die Groepsgebiede Wet van 1950 sodat ek dié dokumente as breuke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis sien, as merkwaardige dokumente wat 'n hele ommekeer in die status quo veroorsaak het. Daarom sal van die uitings ook rondom die betrokke wette bespreek word.

**3.1.2.1 DIE 1913- EN 1936 GRONDWETTE**

Die Afrikaner het hewig in verset teen die Engelse oorheersing gekom, tot so 'n mate dat hulle in 1910 saam met die Engelse beheer oor die land verkry het en die Unie sodoende gevestig is. Dus was hul verset-aksies oor al die jare so geslaagd dat hulle weereens in 'n posisie van mag geplaas is (Platzky, 1985:82).

Die eerste drie dekades was gekenmerk deur 'n intense stryd binne die wit beheergroep oor die presiese aard van die uniforme Naturellebeleid wat daardie tyd as noodsaaklik beskou is. Die beleid vervat die skepping van reservate vir swartes - wat die verdrukking van swartes impliseer (Platzky, 1985:82-83).

Die hoofdoel van die naturellebeleid was om 'n stabiele arbeidsmag vir industrieë te voorsien. Die wit heersers het hul bereid verklaar om hul mag te gebruik om sodoende die groot swart landbouers in die landelike gebiede uit te roei. Die 1913-

Naturelle Grond Wet het hiervoor voorsiening gemaak (Platzky, 1985:83).

Die wet het sedertdien vorm gegee aan die land se grondbeleid. Die reservate wat aangewys is, was die enigste plekke waar swartes kon woon en grond besit. Swartes wat op ander plekke grond besit of gehuur het, moes daarvan afstand doen. Beide die mynindustrieë en die boere is daardeur bevoordeel, aangesien swartes hul grond aan die boere verloor het en in die myne moes gaan werk, of arbeiders moes word op dieselfde plase wat vroeër aan hulle behoort het. Dus is swartmense op grootskaal verdruk op grond van hul velkleur (Platzky, 1985:83-84).

Alhoewel swart mense in die reservate grond kon besit, was die toestromings daarheen so erg, dat hulle kanse op oorlewing skraal was en hulle op klein skaal in verset gegaan het teen die bepalings in die grondbeleid. Hulle het verstedelik om die grootskaalse hongersnood en armoede, grond-erosie en ’n dalende oeste te ontglip. Hulle het hulself bereidwillig verklaar om vir karige lone in die myne en fabrieke te gaan werk (Platzky,1985:93-94).

Die 1913 "Naturellen Grond Wet" het dus eerder die trekarbeid bevorder waarop die industriële mag van wit Suid-Afrika gebou is. Dus was die wet verantwoordelik vir die verdrukking en verarming van swart mense tot voordeel van die wittes. Dit was egter ook dieselfde wet wat tot swart verset in die vorm van verstedeliking

aanleiding gegee het.

In 1936 is die konflik oor die "Naturellen Grond Wet" van 1913 finaal opgelos deur 'n skikkingsproses onder die wit heersers. Swartes is nog meer verdruk deurdat hul stemreg aan die Kaap hulle deur die maghebbers ontneem is, met die belofte dat meer grond by die reservate gevoeg sou word (grond wat reeds in 1913 aan die reservate toegeskryf is) sodat die 1936 "Naturelletrust en Grond Wet" slegs die swartes verder benadeel het (Platzky, 1985:89).

Selfs in die reservate is die swartes egter nie toegelaat om beheer uit te oefen nie, maar die wittes het geregeer. Die reservate is deur die Suid-Afrikaanse Naturelle Trust (bestaande uit wit mense) geadministreer. Die 1936 "Naturelletrust en Grond Wet" het die beheer oor die voorwaardes waaronder swartes in die landelike gebiede kon woon en werk, verstewig. Druk vanaf wit groepe het egter gesorg dat veel minder grond by die reservate gevoeg is, as wat deur die jare belowe is. Net 13% van die land se grond was bewoon deur die 73% swart inwoners daarvan (Platzky, 1985:89).

Dit is dus duidelik dat die wette 'n totale ommekeer in die land veroorsaak het. Swartes is verdruk deurdat hulle van hul eiendom en hul vryheid om te woon waar hulle wou, ontneem is, en was gedwing om na die reservate te trek.

Die wit boere is bevoordeel in dié opsig dat hulle nou meer toegang

tot grond teen belaglik goedkoop pryse kon bekom, sonder kompetisie (Platzky, 1985:102) - dus wit bevoorregting. Die beste dele van die stede en platteland is dus binne die bereik van wit mense geplaas.

Die ontstaan van plakkerskampe is juis toe te skryf aan die wette. Die swartes het met die probleem gesit dat hulle in die stede woonplek moes bekom, en was verplig om in oorbevolkte dele te gaan bly. Sommiges was gelukkig genoeg om grond in sekere dele te kon koop en het dan, as gevolg van die behuisingstekort, ander toegelaat om pondokke op hul grond op te slaan. Diegene moes dan huurgeld betaal. Sodoende is baie pondokke op elke erf aangebring en het woongebiede, waar oorwegend swart mense gebly het, vinnig uit hul nate gebars (Platzky, 1985:97).

Swart verdrukking het ook die wittes benadeel en die swartes "bevoordeel". Die swart mense het die wit werkers in die stad se posisie bedreig aangesien hulle in lewensnood verkeer het en moes oorleef. Hulle was bereid om vir veel minder geld te werk (Platzky, 1985:97).

Swart mense kon dus maklik uitgebuit word. Sodoende het die industriële base gou agter gekom dat hulle hul winste kon vermeerder indien hulle swartes in diens sou neem. Hulle het sodoende al meer wit werkers afgedank. Die swartes is uitgebuit, maar het werk bekom terwyl die wittes in groot getalle hul werk

verloor het.

Bogenoemde bronne dien as historiese en politieke intertekste sodat die leser kan verstaan hoe voorstede soos Sophiatown ontstaan het, deurdat swartes uit die reservate padgegee het, swart vestings gevind en daar gewoon het. Hierdie spesifieke historiese gegewens word egter nie in Triomf (1994) aangetref nie, omdat die hoofkarakters daarin arm Afrikaners is wat skynbaar nie daaroor ingelig is of belang gestel het nie. Dié verswyging van die swart geskiedenis voorafgaande aan Sophiatown lewer as sodanig skerp kommentaar op die Afrikaner.

Die doel van die invoeging van feite oor Sophiatown is om die leser 'n beter begrip van die swart mense se hewige reaksie op die gedwonge verskuiwing te gee, asook om te verstaan hoe die NP in sy pogings misluk het om sy eie mense te bevoordeel, ten koste van swartes.

### 3.1.2.2 DIE GROEPSGEBIEDE WET VAN 1950

In 1948 het die Afrikaners in beheer gekom toe die Herstigte Nasionale Party (wat later die Nasionale Party geraak het) die verkiesing in die land onder D.F. Malan gewen het. Die NP was oorwegend 'n wit Afrikaner-party. Die wit werker en boer en was agterdogtig teenoor anderstalige wittes (Platzsky, 1985:98).

Hulle het die klein Afrikaanse middelklas, byvoorbeeld die

onderwysers, prokureurs, staatsdienswerkers en besigheidspersone bevoordeel. Die segregrasie sou met verloop van jare tot die bevordering van hul belange lei. Hulle moes ten alle koste wit oorheersing behou (deur middel van swart verdrukking) en veral die Afrikaanssprekende wittes se belange bevorder. Hulle het daarna gestreef om toenemend beheer oor alle aspekte van die samelewing in te neem - oor die land, die arbeid, wie met wie mag trou en selfs oor wat 'n mens mag dink (Platzky,1985:98).

Die basis van die NP se beginsels was apartheid, wit oorheersing, rasseskeiding en 'n Christelike Nasionale Onderwys. Hulle het egter baie van die vorige regering se probleme geërf. Terselfdertyd het die verset-aksies onder die swartes algaande gegroei en het daar 'n groeiende politieke bewustheid (swart bewussyn) onder hulle begin ontwikkel. Hulle het hul politieke regte en 'n einde aan ekonomiese diskriminasie geëis (Platzky, 1985:95-96).

Die groeiende industrieë was tegemoetkomend en wou swart eise hersien en sodoende die omstandighede van die swart werksmag bevorder deur beter lone. Hulle het teenkanting van die mynbase en kleiner vervaardigers ontvang, omdat laasgenoemdes se winste van goedkoop arbeid afgehang het. Die wit werkers en boere was ook daarteen gekant, aangesien die wit werker se posisie bedreig was deur die swart werker. Die boer sou ook meer werkers verloor wat na die stede sou uit beweeg. Ten spyte van die feit dat die

meganisasie 'n bloeitydperk beleef het na die oorlog, het die boere verseg om die werkers 'n beter loon aan te bied (Platzky, 1985:96).

Die Groepsgebiede-Wet van 1950 was die vroegste skeidingsmaatreëls van die NP. Rassegroepe kon slegs in sekere gebiede bly op grond van hul velkleur. Dus is sekere gebiede gereserveer vir sekere rasse. Massaverskuiwings is daardeur begin. Teen 1970 was 111 580 gesinne geskeduleer vir verskuiwing. Die helfte hiervan was uit hul areas verskuif. Swart vestingsareas in die stede was ook vernietig (Platzky, 1985:99).

Dit het dus as 'n ander vorm van Instromingsbeheer gedien. Alhoewel dit vir die verskuifdes 'n traumatiese, en diepe vervreemdende ervaring was, was dit vir die Nasionaliste 'n bron van bevrediging (Platzky, 1985:100). Die wittes het volgens die wet die mees sentrale areas - die naaste aan die sakegebiede - bewoon, terwyl die ander verder weg verwyder is. Sodoende was die wittes nader aan die werksgeleenthede en in die "beter" woonbuurte (Platzky:1985)

Sophiatown self het ontstaan aangesien die grond aan 'n Engelsman behoort het. Hy het die grond in erwe opverdeel, en wou dit aan wit mense verkoop om sodoende 'n wit dorpie te bou. Die stadsraad van Johannesburg het egter langs die gebied 'n rioolstelsel gebou, sodat wit mense nie belanggestel het om daar erwe te koop nie. Die

Engelsman het egter die tweede beste ding vir hom gedoen deur die erwe aan "anderskleuriges" (swartes, bruines en Asiate) te verkoop (Stein & Jacobson, 1986:1).

Die mense van Sophiatown het gelukkig saamgebly. Sophiatown was 'n nie-rassige voorstad, waar mense ongeag stand kon bly. Baie kunstenaars, skrywers en geleerdes het hier opgegroei en gewoon. Onder die Groepsgebiede Wet van 1950 is die gebied egter tot wit gebied verklaar (Stein & Jacobson, 1986:1).

Dit was 'n area wat vir armblanke-behuising gereserveer is deur die Gemeenskapsbou. Die NP-regering, wat niks ontsien het om die wet ten volle toe te pas nie, het geëis dat die swartes moes trek na ander areas. Dit het weereens verset-aksies ontlok. Die keer het die ANC (African National Congress) organisasie die inwoners gemobiliseer om weerstand te bied deur nie die gebied te ontruim nie. Hulle het gereeld vergaderings gehou om die inwoners in te lig, en het ook wegbly-aksies beplan vir die dag van uitsetting (Stein & Jacobson, 1985:2).

Die regering het egter twee dae voor die verwagte datum van verskuiwing vroeg, in die oggend, toegeslaan en sodoende die mense onkant gevang (Stein & Jacobson, 1986:2). Baie van die inwoners, wat huurders was en deur die verskuiwings 'n kans op 'n eie huis gekry het, het vrywilliglik getrek.

Die huise van Sophiatown is platgestoot met die stootskrapers. Later is nuwe huise vir arm Afrikaners op die ruïnes van Sophiatown gebou (Stein & Jacobson, 1986:2). 'n Nuwe voorstad is dus op die ruïnes gebou, wat ironies genoeg Triomf genoem is. Die voorstad is ongeveer 10 km van die middestad, wat bevestig dat die wittes die mees sentrale dele van die stad bewoon het en hulle dus bevoordeel is deurdat hulle minder aan vervoer sou betaal (Stein & Jacobson, 1986:2).

### 3.1.3 DIE ALGEMENE KENMERKE VAN ARMLASTIGHEID

Volgens Coetzee(1942:) is nie alle arm Afrikaners armlastig nie. Slegs 'n deel van hulle openbaar eienskappe soos onverantwoordelikheid, 'n gebrek aan waarheidsin, pligsversuim, 'n gebrek aan respek, minderwaardigheidsgevoel, onkundigheid en liggelowigheid, 'n gebrek aan arbeidsaamheid en ambisie, en 'n onbestendige lewenswyse. Sommige toon swak sosiale aangepastheid (veral van huislike opvoeding en dissipline), is verstandelik swak of liggaamlike gebrekkig, of het 'n karakterswakheid, soos die neiging tot drankmisbruik of misdadigheid.

Die meeste verarmdes besit normale intelligensie, 'n derde is bo-gemiddeld intelligent terwyl 'n deel selfs begaafd is. Die kind se potensiële intelligensie is dikwels hoër as wat sy verstandstoetse aandui, omdat die ontwikkeling van sy verstand gestrem word deur ongunstige omstandighede. Die lae intellektuele prestasie moet as 'n resultaat eerder as 'n oorsaak van armoede beskou word

(Coetzee:1942).

### 3.2 KONSTRUKSIES VAN DIE ARMOEDE-DISKOERS IN TRIOMF

In Triomf (1994) vind ons dat die karakters veral deur die eerste twee oorsake van armoede, die natuurrampe en wanbesteding, geraak is. Die karakters het saam met hul ouers en grootouers as uitgebreide gesin op hul oupa se plaas, Klipfontein, gebly. Die oupa was, as gevolg van die langdurige droogte en depressie, genoodsaak om sy plaas te verkoop. Hulle vee is reeds verkoop en die res van hul besittings is later ook op die vendusie verkoop (p.113). Dit wil voorkom asof die oupa probeer het om die plaas te behou, maar besef het dat hy dit nie sou kon doen nie.

Soos so baie bejaarde Afrikaners, het hy nie kans gesien vir die uitdagings van die stad nie. Hy het eerder met sy vrou as bywoners op sy broer se plaas gaan bly (p.113). Dit bevestig die bejaarde Afrikaner se gehegtheid aan die plaas en die platteland.

Aan die ander kant het Oupop met sy gesin na die stad vertrek om daar 'n heenkome te gaan vind. Oupop het werk gekry by die Spoorweë en het met sy gesin in Vrededorp gaan bly(p.113). Later is Oumol en haar kinders ook gedwing om tot die arbeidsmark toe te tree as arbeiders omdat hulle hul aan wanbesteding skuldig gemaak het. Behalwe dat hulle die Beyleveldts (Onder druk van Oupop), by wie hulle blyplek gekry het, van kos moes voorsien; is hulle kos

ook gereeld deur die ander kinders in die oorvol huis gesteel. Sodoende moes hulle baie geld aan kos beste.

In Vrededorp vind Oupop gou uit dat hy en die stedeling duidelik nie dieselfde waardes deel nie. Hy word onmiddellik geëtiketteer as 'n armlastige en as minderwaardig behandel. Die losieshuis waar hulle moet gaan bly, word as 'n tehuis vir armlastiges beskou (p.114).

Die ontvangsdame is 'n onopgevoede vrou, volgens algemene standaarde. Sy weier om sy hand te vat wanneer hy haar wil groet. Terwyl sy praat, hou sy 'n sigaret in haar mond en dwing sy hulle om in 'n ontsmettingsmiddel te gaan bad, om sodoende te verhoed dat die tehuis met luise besmet word (p.114-115).

Al hierdie dinge verneder en skok vir Oupop. Dit alles doen die vrou ten spyte van die feit dat hulle uit 'n veel netjieser huis uit kom, en baie beter maniere openbaar. Op die plaas was hul huis altyd skoon - die kombuistafel was skitterskoon geskrop (p.113), terwyl die tehuis walglik na politoer en kos geruik het. Oupop se kinders word hiervan so naar dat hulle vir dae nie kon eet nie. Dit impliseer dat hulle nie aan slegte reuke gewoond is nie, en bevestig die siening dat hulle uit netjiese omstandighede kom (p.113).

Die vrou handhaaf skynbaar die houding vanweë die feit dat sy

Engelssprekend is en dus 'n meerderwaardige houding kan openbaar binne die situasie. Oupop, aan die anderkant, kan nie die vrou se optrede aanvaar nie en dit raak duidelik dat daar in hom 'n minderwaardige houding begin ontwikkel wanneer hy, ten spyte van sy beskouing dat hulle soos diere gedip word, tog nie teenkanting bied nie, maar wel sy gesin in die ontsmettingsmiddel laat bad (p.114-115).

In die tehuis kon Oupop vir nagte nie slaap nie, as gevolg van die huilende kinders (p.115). Dus was almal ongelukkig wat in die oorvol tehuis moes bly, sodat dit 'n effek op die kinders gehad het.

Hy neem dan die verantwoordelikheid om vir hul ander blyplek te soek en kry nie 'n eie huis nie, maar moet in 'n oorvol huis gaan bly waar hy die helfte van die huis met die nog meer versukkelde Beyleveldts deel; terwyl die ander helfte deur drie ander gesinne gedeel word. Hy moet dus weer sy privaatheid inboet (p.115).

Oupop en sy vrou moes 'n slaapkamer met sy kinders deel. Hulle probeer privaatheid skep deur 'n gordyn tussen hulle en hul kinders te span, maar as gevolg van die weerkaatsing van hul silhoeëtte teen die gordyn, is die kinders tog in staat om hulle te sien as hulle seksueel verkeer (p.117).

Hulle word gedwing om hulle kinders aan dinge bloot te stel waaraan

hulle nie gewoond is nie. Die stad is hul duidelik nie goedgesind nie. Hulle word nie as gelykes in die stad ontvang nie. Van meet af aan word hulle benadeel en in 'n situasie geplaas waar hulle verneder en gedoem was.

Dit is duidelik dat die Benades deur die industrialisasieproses beïnvloed is. Oupop gaan na die stad as 'n arbeider van die Spoorweë (p.113). Hy is opgewonde en vol hoop om vir die Spoorweë te gaan werk, aangesien hy Hertzog se spoorwegplan as die beste ding beskou wat 'n Afrikaner nog ooit uitgedink het. Hy verlaat dus die plaas baie entoesiasties, maar word van die begin af in die stad teleurgestel (p.114-115).

Oupop word verder verneder deurdat sy werk normaalweg deur sy mense (en deur homself) as "kafferwerk" beskou word (p.117). Daar word geensins in hom as mens belang gestel nie, maar slegs in sy arbeid. Hy word as 'n meganiese werktuig gesien. Sy lang werksdag (waar hy vir ure aanmekaar gewerk het) frustreer hom verskriklik (p.115). Oupop moet egter voort werk vir hierdie lang periodes, omdat hy die geld nodig het om hom en sy gesin te laat oorleef. Sodoende vererger sy minderwaardigheidsgevoel wat begin ontwikkel het vanaf sy aankoms in die stad.

Die feit dat die geldhandel so belangrik is in die stad en Oupop nie in sy gesin se basiese behoeftes kan voorsien nie, noop hom om ook die res van sy gesin te laat werk. Sy vrou, Oumol, kry werk by

die klerefabriek (ook as 'n arbeider dus) en word gedwing om hul kinders vir baie lang ure onbeskermd by die huis te los. Dat die kinders moes bly, was aanvaarbaar aangesien Oupop hulle geleer het dat hulle nie ander mense nodig het nie, omdat hulle beter is as ander en hy die standpunt, "Hou bymekaar wat bymekaar hoort"gehuldig het (p.117-118).

Na werk het Oumol ook stikwerk vir ander mense gedoen, sodat sy hul inkomste kon aanvul (p.116). Hulle het, ten spyte van die feit dat hul albei so hard gewerk het, steeds nie genoeg geld gehad om in al sy gesin se behoeftes te voorsien nie.

Mol, hul dogter, word verplig om as vyftienjarige ook tot die arbeidsveld toe te tree en saam met Oumol in die klerefabriek te gaan werk. Mol moes baie dae ook Oumol se werk doen, aangesien sy liggaamlik afgetakel was en nie meer kon byhou nie (p.146).

Mol ly ook as gevolg van die kapitalistiese industrialisasieproses. Die familie se rassistiese houding word vererger as Mol haar werk verloor. Die fabrieksbase, vir wie dit om wins ter wille van wins gaan, het die wit vroue afgedank en met bruin vroue vervang. Laasgenoemdes was bereid om vir veel minder te werk as die wit werkers (p.27). Sodoende het Mol haar werk verloor.

Hul seuns,Treppie en Pop, word gedwing om te gaan werk - ook by die Spoorweë. Aangesien die kinders gereeld stokkies gedraai het omdat

hulle nie die skool geniet het nie (p.118), gaan hulle vrywillig werk. Pop kry na Oupop se dood werk by die Spoorweë, maar bedank dit om as hyser-operateur in die stad te gaan werk tot sy aftrede. Daarna leef hy van sy pensioen. Treppie bedank egter sy werk as hy sy pensioengelde opeis om as deposito vir 'n huis in Triomf te betaal.

Dus verbeur al sy kinders hul kanse op geleerdheid en tree hulle tot die arbeidsmark toe as gewone werkers, sodat hulle nie later vir die witboordjie-werksgeleenthede in aanmerking kom nie. Hulle kom dus nooit in 'n posisie om bo hul omstandighede uit te styg nie.

Afgesien van die feit dat hul almal later werk, kan hulle egter nie kop bo water hou nie. Eerstens beklee hulle swak betaalde poste, sodat hulle nie kan spaar nie. Verder wend hulle ook nie hul geld effektief aan nie, maar maak hulle hul skuldig aan wanbesteding. Sodoende moet hulle buitengewoon baie geld aan kos bestee. Verder is hulle ook verplig om die Beyleveldts van kos te voorsien en die huis skoon te maak, terwyl die Beyleveldts hul merkbaar uitbuit. Hulle moet losiesgeld aan die Beyleveldts betaal, maar mevrou Beyleveldt was nie eers bereid om haar naaimasjien verniet vir Oumol te leen om sodoende haar stikwerk te doen nie (p.115-116). Die Benades maak hulle ook daaraan skuldig dat hulle selfs in Triomf nie gesonde kos koop nie, maar gereeld lekkernye en drank koop (p.45 & p.95) en meestal van polonie en brood leef (p.65).

Hulle kyk ook gereeld videos, wat onnodige uitgawes is (p.38).

Die Benades stel skynbaar nie in die politiek, geregshowe en ekonomie belang nie. Ons kan aanvaar dat hulle nie ingelig is oor die Engelse se oorheersing van die politiek en die ekonomie nie, aangesien hulle niks daarvan vermeld nie. Dit bevestig Coetzee(1942) se siening dat die Afrikaner weinig in sake van nasionale belang belang gestel het. Hulle fokus voortdurend net op die bekende detail van hul eie klein ruimte, 'n gegewe wat sterk deur Van Niekerk beklemtoon word.

Die invloed van die Grond Wette van 1913 en 1936, en die Groepsgebiedewet van 1950, op die lewens van die Benades is ook duidelik. In <u>Triomf</u> (1994) word die geskiedenis van Triomf uit Treppie se perspektief aangebied (p.309). Die grond het aan 'n Engelsman behoort. Hy het die dorp na sy vrou en die strate na sy dogters vernoem . Die stadsraad se aanbou van 'n rioolstelsel langs Triomf word gesuggereer in Treppie se alternatiewe name vir Triomf: "Soek-vir-Kakfontein" en "Rondom-stront-stasie"(p.106). Vanuit die teks weet ons dat swart mense in Sophiatown gebly het (p.1-2) sodat dit die geskiedenis bevestig dat die man toe die grond aan swart mense verkoop het en Sophiatown so ontstaan het.

Ons raak bewus van die dilemma van die swart mense as hulle gedwing word om uit Sophiatown te trek na die gebiede wat vir hulle volgens hul velkleur gereserveer is. Ons verneem van die karakters dat

Sophiatown as 'n wit area gereserveer is deur die Gemeenskapsbou, waar huise vir die arm wit mense gebou sou word (p.2).

Die roman bevestig dat die wittes die woongebiede naaste aan die stad gekry het. Dat die NP, wat toe aan bewind was, hulle belowe het dat hulle daar sou ryk word, word duidelik uit Treppie se siniese verwysing na die belofte; terwyl hy juis as gevolg van die belofte 'n besigheid begin het. Hy het begin om stukkende yskaste reg te maak (p.27) - wat dus sou help met die "opgradering" van die Afrikaners. Hulle het egter nooit ryk geraak in Triomf nie (p.7).

Die Groepsgebiedewet moes geïmplementeer word, en dit word duidelik dat niks geduld is om die planne van die regering in die wiele te ry nie. Ons kry tekens van die verset-aksies van die ANC toe Sophiatown se huise ontruim is (p.2).

Van die karakters se reaksies is dit duidelik dat die verskuiwings vir die Afrikaners 'n bron van vreugde was. Die Benades het min belang gestel in die gevoelens en die grootskaalse verliese wat die swartes gelei het, en het met genoegdoening uitgesien na die dag wanneer hulle sou intrek in hul nuwe huise. So het Treppie gereeld gaan kyk na hoe hulle vorder met die uitsettings en die bou van die nuwe voorstad, en beskryf hy die swart mense se reaksie neerhalend (p.1-2). Tog is die Benades en spesifiek Mol ironies genoeg deernisvol teenoor swartes se honde!

Die Benades openbaar ook duidelike kenmerke van armlastigheid (soos deur Coetzee (1942) uiteengesit). Hulle het hul plaas verloor en het hulle aan wanbesteding skuldig gemaak, sodat hulle nie in hul basiese behoeftes kon voorsien nie. Later het hulle ook net van Pop se pensioengelde en Lambert, Mol se seun, se ongeskiktheidstoelaag van die staat geleef. Dit het hy gekry aangesien hy epilepties was (p.28). Die gesin is uiteindelik dus net van Pop en Lambert se staatstoelae afhanklik sodat hulle as armlastig beskou kan word.

Dit is heel duidelik dat die Benades nie besonder arbeidsaam is nie. Hulle werk nie vir 'n inkomste nie, en wil ook nie by die huis werk nie, sodat hulle in huis en tuin verval. Nie net die werf staan vol rommel nie, maar die huis is vuil, en kakkerlakke en vlieë is aan die orde van die dag (p.139). Mol ruik suur (p.30) en haar oorrok kleef aan haar soos 'n tweede vel. Sy dra ook nie 'n broek nie (p.148) en Pop en Treppie dra dieselfde klere 'n week lank (p.144). Dit is dus duidelik dat hulle nie net sonder werk is nie, maar ook 'n persoonlik verwaarloosde lewe lei.

Dit kan egter nie bloot van die Benades gesê word dat hulle 'n gebrek aan arbeidsaamheid openbaar nie. Alhoewel hulle werkloos is, is daar bepaalde faktore wat daartoe aanleiding gegee het. Eerstens is Oupop gretig om by die Spoorweë te gaan werk, en alhoewel hy nie gelukkig is in sy werk nie (omdat dit "kafferwerk" vir hom is en hy vir lang ure moet werk), druk hy egter deur en bly

werk totdat hy, as gevolg van sy frustasies, selfmoord pleeg (p.132).

Wanneer Mol haar werk by die klerefabriek verloor, verloor sy nie moed nie. Sy begin dadelik met blommeverkope en doen baie moeite om die bedryf aan die gang te hou (p.27). Sy stop dit as sy uitvind dat dit nie winsgewend is nie. Ook Treppie en Pop het met hul yskasherstelwerk probeer om 'n beter lewe te verseker, maar dit het ook, soos reeds genoem, misluk.

In die stad het die Benade-kinders geleer steel. Op die plaas het hulle ordentlik geleef volgens streng Bybelse "Afrikaner-waardes". Toe die ander kinders in die huis in Vrededorp hul kos begin steel het, het hulle ook begin steel (p.115). Later het Treppie gereeld lekkers by die winkel gesteel en dan vir Mol gegee op voorwaarde dat hy met haar seksueel verkeer (p.141).

Die Benades het ook bedrog gepleeg tydens Republiekwording op 31 Mei 1961. Die vier het saamgespan om geld te bekom. Hulle het hulle voorgedoen as mense wat vir 'n welsynsorganisasie, die H.F. Verwoerdgestig, geld kollekteer deur ruikers te verkoop. Lambert moes hom voordoen as 'n vertraagde uit 'n gestig en dan het hulle donasies van die feesgangers gevra. Dié dag het hulle seshonderd rand ingesamel. Aangesien baie mense so ekstaties was oor Republiekwording, het hulle mildelik bygedra om hul versukkelde volksgenote te help (p.45).

Duidelike tekens van gewelddadigheid kom voor in die roman. Oupop het Treppie begin aanrand toe hy uitvind van laasgenoemde se lekkerstelery en sy seksuele speletjies met Mol. Toe Oumol wou keer, het hy haar ook aangerand (p.142). Daarna het hy gereeld geweld gebruik teenoor haar. Sy het egter dit gelate aanvaar en hom net elke keer versoek om tog net nie in haar gesig te slaan nie, aangesien sy skaam was vir die mense (p.146). Vroeër op die plaas sou hy nie kon droom om sy gesin leed aan te doen nie. Daar was hulle betreklik gelukkig en mense het hul dikwels besoek en dan het Oupop die fluit so lekker gespeel, sodat almal spontaan begin dans het (p.114).

Selfs Treppie en Lambert maak hulle ook skuldig aan gewelddadigheid. Treppie was reeds tydens Lambert se kinderdae gewelddadig teenoor hom, toe hy sy boude gereeld met brandende sigarette gebrand het en hom ook geslaan het (p.27). Lambert was weer gewelddadig teenoor sy ma. So het Lambert eendag so kwaad geraak vir sy ma, dat hy haar in een van die yskaste wat nog aangeskakel was op die werf, toegedruk het en die dose rondom die yskas aan die brand gesteek het. Mol het haar bewussyn verloor en sou gesterf het as sy nie deur Treppie en Pop gered is nie (p.148-150).

In die woonbuurt het gereeld 'n bakleiery uitgebreek. Die polisie is dan ontbied, maar hulle doel was slegs om toe te sien dat niemand seerkry nie. Almal was te bang om 'n klag te lê, omdat

hulle gevrees het dat hulle dalk nie genoeg geld sou hê vir 'n hofsaak nie (p.102). Sodoende is die gewelddadigheid in die omgewing nooit stopgesit nie.

Leuens is aan die orde van die dag in die Benades se huishouding. Lambert verklaar onomwonde dat sy familie 'n siekte van lieg het, sodat hy nooit weet wat die waarheid en wat stories is nie. Hy weet selfs nie wat die waarheid ten opsigte van sy ouers of kinderdae is nie en vind eers as veertigjarige uit van sy herkoms. Volgens hom lieg hulle asof hulle lewe daarvan afhang (p.26). Treppie wys hom egter daarop dat sy "ouers" ook vir hom lieg - dat hulle al die jare vir hom lieg oor sy kinderdae (p.162-163). Die leuens rondom die fondsinsameling op Republiekdag en die feit dat hulle vir veertig jaar dit reggekry het om Lambert te mislei oor sy herkoms, bevestig ook hul oneerlikheid. Dit is skynbaar as gevolg van 'n oorlewingsdrang dat hulle leuens bo die kru werklikheid verkies.

Ook die Benades se intelligensie pas by die beskrywing wat Coetzee (1942) van die Afrikaner-armes gee. Niemand is intellektueel vertraag in die gesin nie. Dit is reg deur die teks duidelik. Treppie is selfs intellektueel bo gemiddeld.

Treppie is 'n karakter wat as kind op skool baie boeke gelees het. Hy het nie net goedsmoeds gelees nie, maar het gou 'n patroon daarin ontdek. Toe hy uitvind dat alle Afrikaanse boeke dieselfde

is, het hy opgehou om dit te lees (p.38). In Triomf lees hy die mense oorkant die straat se koerante wat hulle elke tweede week vir herwinning uitsit (p.14). Dit het hy dan volledig gelees, totdat hy selfs daarin 'n patroon ontdek het - dat dieselfde dinge oor en oor gebeur en dat jy basies slegs die verbande moet trek (p.15). Hy kon verder ook baie goed stories fabriseer, sodat niemand geweet het wanneer hy wel die waarheid gepraat het nie (p.15). Ook besoek Treppie die biblioteek gereeld (p.170-171).

Die siekte wat veral onder armes voorkom, omdat dit veral as gevolg van swak sosio-ekonomiese toestande en wanvoeding vatplek kry, is tuberkulose. Dit kom ook onder die Benades voor. Oumol ly daaraan sodat sy vir jare gehoes het. Nooit het sy egter 'n geneesheer gaan spreek om sodoende behandeling te ontvang nie. Sy was te bang dat hy die houe oor haar lyf sou sien soos sy gereeld aangerand is deur Oupop (p.146).

Om Oupop nie saans te steur nie, het sy dan in die badkamer gaan hoes. Die dag van haar dood, het sy weer vreeslik gehoes; stukke bloed het uitgekom en die kenmerkende "TB-butterfly" het op die bad se rand gelê. Sy het oor die bad se rand geval en het gesterf (p.147).

Later het Treppie ook 'n longprobleem ontwikkel. Hy het soggens vreeslik in die badkamer gehoes en stukke slym uitgespuug (p.138). Daar word gesuggereer dat hy by sy ma aangesteek het, maar omdat hy

nie 'n geneesheer gaan spreek nie, is niemand seker wat hom makeer nie en is die afleiding bloot spekulasie. As gevolg van sy ma se geskiedenis van tuberkulose wat 'n hoogs aansteeklike siekte is as dit nie behandel word nie, en sy tekens en simptome kan die leser met 'n redelike mate van sekerheid sê dat hy ook tuberkulose opgedoen het.

Dit is dus uit bogenoemde gegewens duidelik dat die Benades in Triomf (1994) vasgevang is in armoede, soos beskryf deur Coetzee (1942) en deur Touleier (1932). Van Niekerk se interpretasie van die armoede-diskoers kan met vrug langs hierdie historiese interpretasies gelees word. Wat vir die leser hier belangrik is, is die nuwe persepsies wat Van Niekerk se roman bybring. Die opvallende ooreenkomste tussen Coetzee (1942) en Triomf bevestig dat die roman die geskiedenis van die Afrikaner uit die perspektief van armoede opnuut in die negentigerjare in fokus wou stel. Aan die einde van 'n lang era van blanke bewind is die kwessie van blanke armoede steeds aktueel.

Van Niekerk erken in onderhoude dat sy vir 'n tyd lank self in die voorstad, Triomf, gebly het. Sy het die mense daar leer ken en karakters geskep wat tot 'n groot mate ooreenstem met die mense van Triomf. Dus is die verhaal fiktief, maar die tipe mense word wel in Triomf aangetref, en leef wel onder haglike omstandighede (Swartz, 1994:5). Dit bevestig dat die gebeure in die roman nie net geskoei is op Coetzee se werk nie, maar dat dit wel in die

"realiteit" voorkom (Du Preez, 1994:6). Van Niekerk se roman bevestig dat die armoede-diskoers in Suid-Afrika voortbestaan en haar interpretasie behoort as 'n verdere taalvoorstelling daarvan gelees word. Haar roman lewer 'n belangrike byvoeging tot die bestaande literêre uitings rondom die armoede-diskoers. Haar uiting is meer gerig op 'n ontmaskering van die Afrikaner, soos dit byvoorbeeld blyk uit die kru taalgebruik en die prominensie van die bloedskande-uiting. Foucauldiaans kan dit verduidelik word dat Van Niekerk se roman 'n ander episteem skryf as byvoorbeeld Coetzee en Van Bruggen wie se werk geskryf is om Afrikanernasionalisme te bevorder.

'n Moontlike gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat armoede na ongeveer 52 jaar steeds voorkom onder die Afrikaners. Dit skyn dus asof die NP se gryp na apartheid as oplossing nie die armoede-probleem onder Afrikaners uit die weg geruim het, soos hulle belowe het nie. Die beloftes van die NP van 1948 is skynbaar nie nagekom nie, sodat 'n mens onomwonde wonder of die ANC sy beloftes van 1993-1994 met betrekking tot ekonomiese opheffing, sal kan nakom. Dit is binne dié konteks dat die skerp politieke en sosiale kritiek van <u>Triomf</u> gelees kan te word.

**HOOFSTUK 4**

# PATRIARGIE

## 4.1 PATRIARGIE AS ALGEMENE UITING

Die uiting patriargie sal in dié hoofstuk behandel word. In die hieropvolgende analise word hierdie uiting gesien as konstruksie wat verband hou met die Suid-Afrikaanse armoede-diskoers soos in die vorige hoofstuk uiteengesit. Die algemene uiting sal eers bespreek word. Daarna sal konstruksies van patriargale mag in Triomf ondersoek word.

Uitings soos byvoorbeeld vaderregte, manlike dominasie, vroue-verdrukking, die tradisionele gesin, kapitalistiese modus van produksie, vroue sameswering, subordinasie van vroue en die uitruiling van vroue, manlike geweld, patriargale mag, geslagsrolle, uitbuiting van vroue, manlike bevoorregting en lesbianisme, sal as uitings van patriargie gelees word.

Volgens Seymour-Smith (1986:217) verwys patriargie in sy engste sin na 'n sosiale sisteem wat oorheers word deur die beginsel van "vaderregte" of die alleenbeheer van huishoudings en sosio-politieke outoriteit deur volwasse mans binne die groep. Die menslike samelewing is, na aanleiding van Freud, begin met die patriargale orde waar die volwasse man of pa geheers het. Daar is geglo dat die patriargale regime omver gewerp word deur die oermisdryf waarin die pa deur die seuns vermoor word om sodoende seksuele toegang tot hul ma te verkry. Vaderregte mag beskou word

as die absolute outoriteit van die man in die bestuur van die huis. Meer algemeen is dit byvoorbeeld die alleenreg om hul eiendom te verkoop, die reg om besluite te neem namens die hele groep (Seymour-Smith, 1986:217).

Sommige feministe beskou die tradisionele gesin as die hoeksteen van patriargie, waarin manlike mag en dominasie oor vroue en kinders beskerm en bewaar word. As 'n normatiewe model van die gesin is dit 'n bastion van heteroseksisme en homofobie (Mirkin, 1994:65).

Vir die psigo-analitiese feministe soos Juliet Mitchell (1971) beteken patriargie 'n samelewing waarin die pa òf werklike òf simboliese mag uitoefen. Hierin word vroue onderworpe aan die ondergeskikte rolle en word hulle bloot voorwerpe van uitruiling (Palmer, 1989:69).

Patriargie is egter nie net tot die huishouding beperk nie. Dit mag ook beskou word uit die perspektief van manlike alleenreg op die sosiale, politieke en ekonomiese diskoers. Samelewings wat hoofsaaklik patriargaal binne die huishoudings is, is gewoonlik ook so ten opsigte van die sosiale, politieke en ekonomiese gebiede, omdat die omskrywing van absolute outoriteit in die huishouding impliseer dat die vrou as mindere en onbevoegte persoon in die publieke sfeer beskou word (Seymour-Smith, 1986:217). Maar samelewings wat in die tweede sin as patriargaal gesien word, is

nie noodwendig so in die eerste sin nie, omdat vroue binne samelewings waarvan die politieke stelsels tog deur mans gedomineer word, in die huishouding outoriteit en outonomie mag besit (Seymour-Smith, 1986:217).

Volgens Seymour-Smith (1986:218) is patriargie vir baie feministiese antropoloë sinoniem met manlike oorheersing in die algemeen en verwys dit dus nie na 'n spesifieke sosiale tipe nie, maar na 'n algemene neiging wat sy uitdrukking vind in verskillende vorme en elke sosiale en historiese konteks. In dié sin kan enige sisteem wat gekenmerk word deur dominasie van een groep oor 'n ander patriargaal genoem word. Dit raak terreine soos ras, godsdiens, klas, en die ekonomie. Die vroeëre verwysing na die verarming van die Afrikaner onder die Engelse koloniale moondheid (vg. 3.1.1) sou in dié sin ook as 'n voorbeeld van patriargale verdrukking kon geld.

Volgens Palmer(1989:68) gebruik radikale feministe soos Kate Millet (1970) die term in die populêre sin van "manlike dominasie en die magsverhouding waardeur mans vroue domineer" (Palmer, 1989:68).

Marxistiese feministe soos Heidi Hartman (1981) gebruik die term patriargie om die verhouding aan te dui tussen vroue se ondergeskikte posisie en die organisering van kapitalistiese modes van produksie (Palmer, 1989:69).

Die feit dat vroue se werk dikwels gekassifiseer word as dat dit nie arbeid is nie, versteek die werklike ekonomiese bydrae wat vroue lewer om die kapitalistiese stelsel te onderhou deur essensiële reproduktiewe dienste "vry" aan te bied. Vroue vorm, ter aanvulling, 'n reserwe werksmag wat in diens geneem mag word onder minder gunstige terme as mans (Seymour-Smith,1986:218).

Die term patriargie is problematies. Dit kan 'n eenvoudige en onvolledige indruk van die vroue se verhouding teenoor mans en onder hulle self gee. Die feit dat die vroue se verhoudings teenoor mans as antagonisties uitgebeeld word, behandel die vrou se verdrukking dikwels in 'n transhistoriese lig - waarin die heterogeniteit van vroue met hul sosiale en ekonomiese verskille asook die tye waarin die twee geslagte as bondgenote saam gewerk het, geïgnoreer word. (Palmer, 1989:68).

Daar is baie min vroue wat nie vasgevang is in 'n sisteem van manlike dominasie òf in die werksplek òf in die private domein van die huis nie. Dieselfde mans wat die vroue volgens hul verwagting moet beskerm, beskerm hul skynbaar juis nie. Hulle vorm as mans eerder 'n "eenheid" en staan bymekaar. Die vroue hou die manlike hiërargie staande aangesien hulle daarop staatmaak vir oorlewing, bevordering en sosiale erkenning (Palmer, 1989:69).

Levi-Strauss (in Palmer, 1989:69) identifiseer weer subordinasie van vroue en die uitruiling van vroue deur mans as uitings. Hy

sien die hele struktuur van die verwantskapstrukture en die samelewing as gebou op die hoekstene van subordinasie en uitruiling van vroue. Solank die verhoudings spesifiseer dat mans vroue uitruil, bly mans die bevoordeeldes van die produk van sulke uitruilings.

Die vraag ontstaan onder teoretici tot watter mate vroue saamwerk met mans in die verdrukking en uitbuiting van hul eie geslag. Aan die een kant is diegene wat vroue as onskuldig en as slagoffers sien wat hulpeloos vasgevang is in die strikke van patriargale sameswering, 'n stelsel wat doelbewus opgebou is deur mans. Aan die ander kant is daar feministe soos Andrea Dworkin (1976) en Susan Griffin (1975) wat, binne ideologiese verskille, die rol erken wat vroue speel in die samewerking met manlike verdrukkers (Palmer, 1989:70).

Juliet Mitchell (1971) en Julia Kristeva (1981) skets weer mans en vroue as gelyk onderworpe aan sielkundige en kulturele druk. Hulle leef hul rolle uit wat hulle in hul kinderdae geleer het. Mitchell en Kristeva sien eerder die mans-gedefinieerde strukture en instellings as verantwoordelik vir vroue se ondergeskikte status (Palmer, 1989:70).

Radikale feministe fokus ook die aandag op die alomteenwoordigheid en verskeidenheid van manlike kriminele oortredings van geweld. Hulle ondersteun grotendeels die argument dat mans, kollektiewelik

en as individue, 'n belang daarby het om vroue in verdrukking te hou. Volgens hulle is hierdie gelate aanvaarding van onderdrukking vir baie teoretici die basis vir die feministiese stryd, aangesien dit die een saak is wat alle vroue kan verenig aangesien dit hulle almal raak, ongeag hul politieke standpunte (Palmer, 1989:83-84).

Sosialistiese feministe is egter gekant teen dié oordrywing van vroue se toestemming tot verdrukking. Volgens hulle vervreem dié feministe die mans, terwyl hulle die vrou as hulpelose slagoffers of as moreel meerderwaardig skets (Palmer, 1989:84).

Patriargale mag is hiërargies. In patriargie het mans mag oor vroue, meer spesifiek het wit, ryk Christen-mans mag oor vroue, vroue van ander rasse, lae-inkomste vroue en nie-Christen vroue. 'n Manier waarop die mag behou word, is deur ekonomiese en sosiale afhanklikheid te verseker. Op dié manier daag reproduktiewe vryheid manlike mag uit. Mans probeer dus ten alle koste beheer behou oor vroue se reproduktiewe funksies (Mirkin, 1994:257).

Die vrou se reg om te kies of sy kinders wil hê al dan nie, is 'n magsbasis. Dit bemagtig haar om van 'n verdrukte situasie waarin ander bepaal wat binne haar liggaam gebeur, te ontkom. Haar keuse om kinders in die wêreld te bring, bepaal ook of sy toegelaat kan word om by die werksmag aan te sluit, of sy daarbinne kontinuïteit kan hê en of sy verplig is om in 'n verkeerde en ongelukkige

verhouding te bly. Patriargie kan deur reproduktiewe vryheid ondermyn word, deurdat vroue kan kies om vir manlike dominasie "nee" te sê in die mees persoonlike veld van haar lewe, naamlik voortplanting (Mirkin, 1994:257).

Sodra 'n man homself die reg toeskryf op 'n vrou se liggaam teen haar wil, word die grense oorskry en die gevolge dan deur verkragting, aanranding, geforseerde swangerskap, geforseerde aborsie, of verbale intimidasie uitgedruk. In elk van die gevalle word die vrou se liggaam "besit" deur iemand anders, onderworpe aan die "nukke" van die ander, en losgemaak van die vrou self (Mirkin, 1994:258).

Vroue se magteloosheid in die kapitalistiese samelewing is gebou op vier basiese strukture, dié van produksie, reproduksie, seksualiteit en die sosialisering van kinders (Eisenstein, 1979:26).

'n Probleem om die verbande tussen patriargie en kapitalisme te verklaar, is dat die gesin en die ekonomie deur die taal as aparte stelsels verklaar word. Beide word egter deur die geslags-hiërargiese verdeling van arbeid geraak. Patriargie en kapitalisme opereer binne die geslagsverdeling van arbeid en samelewing; 'n geslagsverdeling van arbeid en samelewing wat mense se aktiwiteite, doelstellings, wense en drome definieer op die basis van kapitalisme en patriargie. Hiervolgens word mans en vroue verdeel

in verskillende hiërargiese geslagsrolle en strukture, hul pligte in die gesinsveld, en binne die ekonomie (Eisenstein, 1979:27).

Soos vroue toenemend die arbeidsmark betree, lyk dit asof sommige deur die beheer deur patriargale gesinsverhoudings ondermyn word - die dubbele dag van die vrou word duideliker. Die onderdrukking van die vroue binne die arbeidsmag behou terselfdertyd 'n stelsel van hiërargiese beheer van vroue op seksuele sowel as ekonomiese vlak. Laasgenoemde verseker dat die samelewing se seksuele hiërargie in takt gehou word (Eisenstein, 1979: 28).

Daar bestaan dus 'n verskil in patriargie en beheer wat bevestig word deur die feit dat die soeke na goedkoop arbeid maak dat vroue nie ten volle geïntegreer word in alle vlakke van die arbeidsmag nie. Ten spyte van die feit dat vroue se arbeid goedkoper is, moet die beheerstelsel wat die samelewing se orde en die daarmee gepaardgaande goedkoop vroue arbeid, beskerm word, deurdat vroue in die arbeidsmag gesegregeer word. Vandag is die regverdiging vir die dubbele dag van die vrou en ongelykheid van salarisse baie minder beskerm (Eisenstein, 1978:29).

Deur vroue as moeders te definieer, veroorsaak dat hulle òf by die huis bly waar sy onbetaalde werk verrig, òf veroorsaak dat sy teen 'n lae loon gehuur word bloot as gevolg van haar toegeskrewe seksuele minderwaardigheid (Eisenstein, 1979:29).

Selfs met vroue in die betaalde ekonomie word die seksuele verdeling van werk en samelewing in takt gehou. Die ideologie maak net 'n aanpassing en definieer vroue as werkende moeders. Twee werksgeleenthede word teen minder as die waarde van een prys verrig (Eisenstein, 1979:29).

Die huiswerk maak dat die bestaande samelewing perpetueer word. Die patriargale strukture word deur vroue gestabiliseer (byvoorbeeld die gesin, huisvrou, moeder, deur die rolle te vervul). Vroue reproduseer terselfdertyd nuwe werkers vir beide die onbetaalde en betaalde arbeidsmag, aangesien hulle mans en kinders versorg. Hulle werk ook in albei arbeidsmarkte vir laer lone. Deur hul rol as verbruikers stabiliseer hulle die ekonomie. As produksie as die anderkant van verbruik beskou kan word, is patriargie die anderkant van kapitalisme (Eisenstein, 1979:29).

Die bourgoisie as klas trek ook voordeel uit die basiese plasing van vroue se werk. Alle individuele mans word bevoordeel deur die werk wat by die huis vir hulle gedoen word. Verder word hulle ook bevoordeel deur die stelsel binne patriargale samelewings ongeag hul klas (Eisenstein, 1979:31).

Lesbianisme is 'n bedreiging vir patriargie, net soos die lesbiër 'n bedreiging is vir die patriarg. Enige vrou kan bedreig word met die etiket "lesbiër" as sy manlike dominasie en beheer verwerp. Die vroue word dan in gevaar geplaas om teen gediskrimineer te word

of geweld aangedoen te word. Daardeur word alle vroue daaraan herinner wat met hulle sal gebeur as hulle nie hul onderwerp aan die voorskrifte van die patriarg nie. Die rede waarom lesbiërs gedreig of aangeval word, is volgens Pharr (1988) om lesbiërs en alle vroue te beheer, en om veranderingswerk deur vroue stop te sit (Mirkin, 1994:52)

## 4.2 KONSTRUKSIES VAN PATRIARGIE IN TRIOMF

In Triomf is dit duidelik dat die mens vasgevang is in 'n patriargale stelsel waar alle mans die besluite neem en verantwoordelikheid vir die gesin, en veral vir hul vroue, dra. So verneem ons dat Oupop verantwoordelik was vir die geluk wat hulle op Klipfontein ervaar het, waar hy met sy mondfluitjie so gespeel het, dat hulle en hul gaste gereeld die hele aand gedans het (p.114). Maar Oupop was ook die oorsaak van hul teenspoed. Dit was hy wat besluit het om sy plaas te verkoop (p.113). Wanneer die uitgebreide gesin dus tot kerngesinne gereduseer word, neem Oupop dadelik die rol van patriarg aan (skynbaar omdat hy so gesosialiseer is) en besluit hy sodoende om by die Spoorweë te gaan werk en verhuis dus na Vrededorp (p.113). Oumol se rol is slegs om sy opdragte uit te voer. In die proses van verhuising is haar bydrae ook beperk tot die tipiese rol van 'n vrou; sy moet net die brief aan die Spoorweë baie netjies oorskryf (p.113).

In Vrededorp neem Oupop weer die verantwoordelikheid om vir hulle blyplek te kry by die Beylevelds (vgl. hoofstuk 3). Daarin word

Oumol gedwing om, ten spyte van die feit dat sy bedags werk by die klerefabriek, ook hul deel van die huis skoon te maak, plus die Beyleveldts se deel. Sy moet ook saans stikwerk vir ander mense doen. Dit illustreer die konsep "dubbele dag" (Eisenstein, 1979:28), asook die vrou se gevangenskap aan 'n stelsel waaruit sy relatiewe voordeel trek. Vir die Beyleveldts werk sy egter verniet, in opdrag van Oupop. Al kla sy dat sy nie na die stad gekom het om welsynwerk te doen nie, en daardeur te kenne gee dat sy bewus is van die feit dat sy uitgebuit word, moet sy dit doen aangesien die patriarg, Oupop, die opdrag gegee het (p.116). Dus verrig Oumol nie net twee nie, maar vier werkspligte op een dag sonder dat sy vir een ten volle betaal word.

Oumol het besef dat hulle nie nog mense (die Beyleveldts) sou kon voed nie, en dat haar werk in die huis verniet aangewend word - sonder betaling. Daardeur ly hulle onnodige verliese. Haar werk om die huis skoon te maak, word nie as werk gereken nie. Omdat Oupop nie haar siening gerespekteer het nie, en sy nie mag deelneem aan besluitneming nie, word hul geld oneffektief aangewend en verarm hulle, ten spyte van haar harde werk.

Oupop en sy seuns gaan werk ook by die Spoorweë en doen tipiese manswerk, terwyl Oumol en Mol in 'n klerefabriek gaan werk, dus tipiese vrouewerk. Op 'n stadium raak Oumol so siek, dat sy nie haar werk kan doen in die fabriek nie, en moet haar dogter Mol hul albei se take verrig (p.146). Mol word verplig om twee mense se

werk te doen vir minder as die prys van een (p.146). Hierdie verskynsel beklemtoon dan ook dat vroue se bydrae nie as arbeid gesien word nie, maar dat hulle 'n aanvullende werksmag vorm.

Volgens Coetzee (1942:211-212)) is wit vroue deur fabriekseienaars afgedank omdat wetgewing bepaal het dat vroue na 'n sekere tyd salarisverhogings moes kry. Die fabriekseienaars het egter geweier om vroue hoë salarisse te betaal, en het hulle dan net vir die opleidingsessies gehou, en dan afgedank. Dit het met Mol-hulle ook gebeur en hulle is deur bruin vroue vervang, vir wie slegs 'n een-vyfde van die salaris van wit werkers betaal is. Die industrialiste se winsbejag ter wille van wins is ook 'n voorbeeld van hoe kapitalisme as 'n verlengstuk van die patriargie funksioneer.

Oupop perpetueer ook die patriargale houding deurdat hy vir Pop, sy oudste seun, opdrag gee om na Mol, sy dogter, te kyk. Mol moet dan na die babaseun, Treppie, kyk (p.117). Dus neem die senior mans verantwoordelikheid vir die vroue se "veiligheid". Hulle word deur manlikes opgepas asof hulle kinders is.

In Triomf word aangetoon hoe hierdie rolverdeling ontaard. Dieselfde persoon wat veronderstel is om na sy suster te kyk, doen haar skade aan, deur haar seksueel te misbruik. Ook die ander broer mishandel en misbruik Mol op seksuele gebied. Dit is dus uiters ironies dat, wanneer hul lewens uiteindelik in Triomf

bedreig word, dit Mol is wat hulle ten alle koste bymekaar hou (sy voer dus die pa se opdrag uit), en nie die oudste man onder hulle nie. Dit hou die skerp kritiese kommentaar in dat rolverdelings wat deur die patriargie afgedwing word, nie werk nie.

Die patriarg is tradisioneel geregtig om "ter wille van hul beswil" gewelddadig teenoor sy gesin te wees, met hul goedkeuring. In Triomf kry ons egter 'n voorbeeld van ontaarde patriargale geweld. By die Spoorweë werk Oupop vir lang en uitputtende ure en kan nie daar kla oor sy werksomstandighede nie (p.115). Daar word gesuggereer dat ook mans slagoffers van die patriargie kan word. Hy haal sy frustasies by die huis op sy vrou en kinders uit, deur hulle aan te rand. Hulle aanvaar die aanrandings gedweë, sonder dat hulle daarteen reageer, omdat hy die senior man is en dus die meeste mag besit. Al wat Oumol vra, is dat hy tog nie in haar gesig moet slaan nie, omdat sy skaam is vir die mense (p.146). Oumol is selfs bereid om haar gesondheid op te offer om sodoende nie vir Oupop bloot te stel nie. Wanneer sy tuberkulose opdoen en dodelik siek raak daarvan, weier sy om 'n geneesheer te gaan spreek, aangesien sy nie wil hê dat hy die houe oor haar lyf moet sien nie (p.146-147). Hierdie houding dat sy altyd die minste is en boonop haar man beskerm, lei dus letterlik tot haar dood, aangesien sy later sterf as gevolg van die tuberkulose.

As Oupop uitvind dat Treppie lekkers gesteel het en met Mol seksueel verkeer het, rand hy Treppie so erg aan, dat laasgenoemde

'n dokter behoort te gaan spreek. Oumol aanvaar Oupop se standpunt dat hy nie Treppie na 'n geneesheer gaan neem nie, omdat hy bang is dat hulle die welsyn op hulle sou kry (p.142). Sodoende kom Treppie nooit by 'n geneesheer uit nie, omdat die vader so besluit het. Dit is dus duidelik dat die vroue die verdrukking aanvaar, en dus die patriargale houding perpetueer.

Die voorstelling van hierdie situasie suggereer die hiërargie van magsverhoudings in die patriargie wat geweld in stand hou. Die vader beheer die kind en die vrou, maar bo hom is daar weer die anonieme stelsel van die welsyn wat hom bedreig met die opheffing van sy gesin. Dit maak die term "wel-syn" ironies binne die roman konteks.

In die sterk kritiek wat die roman gee op patriargie, is Treppie se lewensgeskiedenis belangrik. As kind op Klipfontein was hy liefdevol en sag. Wanneer sy ma die kalkoen se kop afgeslag en hy dit aanskou het, weier hy vir vier dae om te eet (p.113). Sy hele lewe begin egter drasties verander in die stad. Daar was dit hy wat as kind alleen gestraf is deur sy pa terwyl beide hy en Pop seksueel met Mol verkeer het (p.141), en kan hy dus as die swartskaap van die familie beskou word. Sy pa se wrede straf het hom met lewenslange fisiese en sielkundige letsels gelaat (Hattingh,1994:5).

Alhoewel Treppie 'n selfvernietigende haat vir sy pa dra as gevolg

van die aanranding, is dit ironies genoeg hy wat sy pa se beeld perpetueer in sy aanranding van Lambert as baba, in sy strawwe drinkery; sy onverbiddelike ontmaskering van ander, sy illusies van hoop en geluk, en in sy selfmoorddreigemente (Hattingh, 1994:5).

Ook Lambert is gewelddadig. Wanneer Lambert deur die bure se vrolikheid opgewerk word, haal hy dit op sy ma uit deur haar te dwing om in die laataand die gras te gaan sny, ten spyte van die feit dat sy al 'n ou vrou is. Sy is verplig om vir so lank as wat hy dit toelaat, te werk, alhoewel sy geen krag in haar liggaam meer het nie (p.91-98). Verder moet sy ook hul beledigings en die vuil taal wat hulle haar toesnou, verdra. Sy het min ruimte om haar eie identiteit te ontwikkel of om haar eie sienings te gee. Hulle (die mans) noem haar gevolglik 'n "eggomasjien" (p.24).

Mol is verplig om huis te hou vir die mans. Sy moet doen wat hulle ook al van haar verwag. Wanneer die huis tot verval kom, en in 'n haglike toestand is, wil Lambert aan haar kommunikeer dat sy die huis moet skoon hou deur prente van netjiese kombuise oral op te plak, maar Oupop keer hom betyds (p.86). Hy is dan later self verplig om die huis skoon te maak vir die koms van sy meisie (vanaf p.193). Dit kan geïnterpreteer word dat Mol weens uitputting nie meer haar rolverpligting kan vervul nie, en Lambert word gevolglik gedwing om sy patriargale houding te buig en vroue-werk te doen.

Mol is net so onmisbaar soos enige van die ander Benades. As

familie-seksobjek speel sy 'n belangrike rol om die familie bymekaar te hou. Al die mans in haar familie, haar eie seun inkluis, het 'n bloedskandelike verhouding met haar (Hattingh, 1994:5). Die mans "besit" dus haar liggaam, en het sy nie alleen reg daarop nie. Sy is nie geneë om seksuele verhoudings met hulle te hê nie, maar het geen ander keuse nie, aangesien dit al manier is om hulle bymekaar te hou. Die middelklas-idee van die kerngesin wat ten alle koste behou moet word, word sodoende deur die roman geparodieer.

Hoewel die mans Mol as seksobjek gebruik, vertroetel hulle haar nie en tree ook nie liefdevol teenoor haar op nie (p.187). Sy aanvaar dit egter en is net elke keer maar weer gewillig om ter wille van die vrede en selfbehoud met hulle seksueel te verkeer.

Mol se rol as "vrou" is niks anders as 'n konstruk om die lewe vir haar seun, Lambert, vir die samelewing en vir haarself aanvaarbaar te maak nie. Ten spyte van jare se lyding en vernedering probeer sy steeds om familiegeskille te ontlont. Gewoonlik misluk sy in haar pogings en is sy die slagoffer van Treppie en Lambert se dronkenskap. Mol se enigste troos is Pop se oumenssagtheid en haar honde met wie sy kan praat soos met intieme vriende (Hattingh, 1994:5). Sy self ly 'n hondelewe (Viljoen,1994:53)

Dit is egter nie net tuis waar patriargie aangetref word nie. Die politieke arena word ook oorheers deur die mans. Dit is vir Malan

wat Oupop in 1948 stem, omdat hy 'n voorstaander is van Oupop se siening "om by mekaar te hou, wat bymekaar behoort" (p.118). Die oproep is aan die Afrikaners en die mans binne die politieke arena neem die verantwoordelikheid daarvoor, soos Oupop dit vir sy gesin neem.

Verder is dit 'n man genaamd Hertzog wat, volgens Oupop, met die mees briljante plan deur 'n Afrikaner kom, deur die spoorwegplan vir armblankes te formuleer en te implementeer (p.113). Ook hierdie man se planne en besluite misluk, soos ook die manne van die Nasionale Party van 1948 s'n misluk het.

Verdere politieke leiers waarna daar in die roman verwys word, is oorwegend mans: byvoorbeeld F.W. de Klerk (F.W.), Mandela, Buthelezi, Eugène Terreblanche ( die skrywer insinueer 'n ooreenkoms tussen die gedroggie uit die buitenste ruimte,E. T., in die rolprent E. T. en Terreblanche) (p.278-281). Wanneer na die Kiss Party, wat deur 'n vrou gelei word, verwys word; word dit neerhalend gedoen en word daar na die vrou as seksobjek verwys (p.429). Die Suid-Afrikaanse samelewing, waarin die Benades hulself ook bevind, is volgens die roman 'n patriargale samelewing.

Interessante satiriese kommentaar op die patriargie kom na vore in die roman se voorstelling van lesbianisme uit die manlik-chauvinistiese (en homofobiese) perspektief van onderskeidelik Treppie en Lambert. Die lesbiërs oorkant die straat, van wie

Treppie altyd sy koerante bekom, hoort kennelik nie in die gebied nie. Hy bevraagteken hul verblyf daar aangesien hulle lyk soos mense wat geld het, nie arbeidsongeskik lyk nie en genoeg tyd het sodat hulle ure lank tuin kan maak (p.175). Die feit dat hulle ook so baie koerante lees, bevestig volgens hom dat hulle nie tot die werkersklas behoort nie en dus nie daar tuishoort nie. Hulle bly egter daar, na aanleiding van die gesprek wat Lambert afgeluister het, om hul verhouding geheim te hou. Dit is dus duidelik dat daar gediskrimineer word teen lesbiërs en dat hulle deur die samelewing uitgestoot word. Ook Lambert het gereeld die lesbiërs deur hul kamervensters afgeloer (p.177). Dit openbaar die kleinlikheid van die patriargiese samelewing se houding. Die lesbiërs verkies blykbaar isolasie bo blootstelling en vra Lambert om hulle nie weer te pla nie. Alhoewel Lambert hul dikwels lastig geval het omdat hy seksuele toenadering wou soek, het Oupop hom gereeld gewaarsku om weg te bly van hulle af. Lambert het hulle nooit weer gepla nadat hy van hul lesbiese verhouding uitgevind het nie (p.177). Na die verkiesing trek die lesbiërs ook uit die gebied, en bly daar swart mense in hul huis. Omdat die nuwe regering ook die reg op seksuele voorkeur voorstaan, hoef hulle skynbaar nie meer hul verhouding geheim te hou nie.

Daar kan uit die roman nog voorbeelde van uitings van die patriargale uiting geïdentifiseer word wat gepaard gaan met vroueverdrukking. Vir die doel van hierdie studie bevestig die genoemde gevalle egter reeds dat die Suid-Afrikaanse konteks vanaf

so klein as die individu en die gesin tot by die politieke arena deur mans gedomineer word en dus 'n patriargale stelsel is. Die karakters in Triomf verteenwoordig die deursnee arm Afrikaner, maar uiteindelik lewer die roman kritiek op waardes van die Afrikaner en die Suid-Afrikaanse samelewing in die breë. Die Benades is 'n uiterste voorbeeld van die ontaarding van die patriargie.

## HOOFSTUK 5

## 5. BLOEDSKANDE

Bloedskande as uiting sal nou ondersoek word. Hierin sal die uitings wat die bloedskande-uiting konstitueer, ook geïdentifiseer en bestudeer word. Die doel van die studie is om vas te stel hoe bloedskande 'n uiting vorm van die armoede-diskoers in Triomf en beïnvloed word deur die patriargale uiting.

### 5.1 BLOEDSKANDE AS ALGEMENE UITING

Bloedskande word in die algemeen beskou as seksuele verkeer tussen familielede, mense wat bloedbande met mekaar het. Dit word beskou as 'n universele verbod, maar wat tog oral oortree word. Bloedskande kan beskou word as die belangrikste modus om totale chaos in 'n gemeenskap te skep. Dit word die "oomblik van terreur", as elkeen seksueel verkeer; met minagting vir die verbod op bloedskande (Huntington:1979). Die verbod op seks tussen moeder en seun is egter al werklik universeel-verbode verhouding (Seymour-Smith, 1986:147).

Die mees algemene rede vir die verbod op bloedskandelike verhoudings is die verband wat dit het met negatiewe genetiese gevolge van bloedverwantskaplike samesmelting (Seymour-Smith, 1986:147).

Levi-Strauss in The Elementary Structures of Kinship (1969) probeer die verskynsel as volg verklaar. Hy neem as basis Tylor se

met die behoefte van "marry out or be killed out", wat in primitiewe samelewings gegeld het. Hy glo dat die verbod op bloedskande fundamenteel is vir die vorming van eksogamiese verwantskappe, dit wil sê verwantskappe buite die eie familiekring (Seymour-Smith, 1986:148).

Volgens hom is die verbod op bloedskandelikheid sowel 'n natuurlike verskynsel (omdat dit universeel voorkom) as 'n kulturele een (dit is 'n norm en openbaar verskille tussen verskillende kulture). Dit vorm die sleutel tot die vorming van menslike kulture en samelewings, in die sin dat dit in die vorm van 'n verbod, die positiewe opdrag om "uit te trou" insluit, dus om vroue met ander groepe uit te ruil. Die verandering is fundamenteel omdat dit 'n stelsel van wederkerigheid tussen families of groepe vasstel, en dus die ontstaan van kultuur en samelewing merk, wat op die beginsels van kommunikasie en uitruiling gebaseer is (Seymour-Smith, 1986:148).

Manlike alliansie, die verwerping van die vrou, manlike dominasie, moeder-dogter-bloedskande en moeder-seun-bloedskande is ook belangrike uitings. Die familiestelsel word nie as die einddoel gesien nie, maar as 'n middel tot 'n mansgedomineerde stelsel. Die bloedskandelike verbod is, volgens Rubin in <u>The Traffic in Women</u> (1975), verbind aan die alliansie wat tussen mans bestaan. Vir Ward in <u>Father-Daughter Rape</u> (1984) is 'n "geskenk" betrokke; die ma gee die seun as geskenk aan die pa. Die seun het dan, as gevolg

van die verwerping, 'n afkeur in die ma, sodat haar waarde in sy oë daal (Seymour-Smith, 1986:148).

Aangesien die seun egter nog aangetrokke voel tot sy eerste liefdesobjek, die vrou (sy ma), trou hy deur heteroseksuele verbintenis, en vorm so sy eie familie. In hierdie verhouding is hy dan dominant. In die wêreld van manlike volwassenheid, leer hulle die regte wat mans oor hul familie het, aan. Sodoende begin die siklus weer. Moeder-seun- en moeder-dogter-bloedskande verbreek egter die proses (Seymour-Smith, 1986:148).

Vir Levi-Strauss dui die bloedskandelike verbod die oorgang aan vanaf die natuurlike voorkoms van bloedskande na die kulturele voorkoms van alliansie. Sy bespreking van die probleem van bloedskande lei hom direk na sy bespreking van die verskillende vorme van alliansiepatrone wat kenmerkend is van menslike samelewings (Seymour-Smith, 1986:148).

Sy teorie is egter gekritiseer omdat dit nie in ag neem dat seksuele verhoudings nie identies is aan trou nie, en dat sekere bloedskandelike verbiedinge en eksogamiese reëls nie noodwendig saamval nie. So kan laasgenoemde nie 'n volledige verklaring gee vir eersgenoemde nie (Seymour-Smith, 1986:148)

Volgens J. La Fontaine in <u>Child Sexual Abuse</u> (1990) is die oortreders van bloedskandelikheid nie stereotipies van die beeld

wat normaalweg van die seksueel geperverteerde gegee word nie. Hulle kom ook vanuit alle klasse en rasse. Dit is vir hulle 'n vorm van seksuele mishandeling, wat hoofsaaklik deur mans gepleeg word, waar hulle binne hul huishouding mag oor vroue en kinders op 'n geslagsbasis uitoefen (Bell, 1993:3).

Volgens die meeste feminismes word bloedskande beskou as behorende tot die veld van manlike gewelddadigheid. Dit word beskou volgens die feministiese perspektief van verkragting. Die ander nuwe benamings van bloedskandelikheid beklemtoon die nuwe beskouing byvoorbeeld Butler (1985) wat dit "bloedskandelike aanranding", en Ward (1984) wat dit "Vader-dogter verkragting" noem (Bell, 1993:3).

Binne die dinamika rondom mag binne die patriargie en die verstaan van seksualiteit wat ons uitleef, verbaas die voorkoms van bloedskandelike mishandeling nie. Vir sekere feministe dui bloedskandelikheid nie net op die chaos wat dit vir sosiologiese funksionalisme inhou nie. Dit dui ook op 'n bekende orde van patriargie; in beide sy streng en feministiese sin (Bell, 1993:3).

Bloedskandelikheid openbaar die geslagsdinamika van die samelewing waarin ons bestaan. Hulle redeneer dat dit glad nie as a-sosiaal beskou kan word nie, maar dat dit ontleed moet word in direkte verhouding met die sosiale strukture wat voortdurend geproduseer en as normaal gereproduseer word (Bell, 1993:3).

Vir baie feministe is dit nie die bloedskandelike verbod nie, maar eerder die werklike voorkoms van bloedskande wat 'n sleutel vorm tot 'n sosiologiese verstaan van sosiale struktuur en kultuur. Alhoewel bloedskande 'n persoonlike ervaring is en 'n saak vir die vrou, waaroor sy nie praat nie; gaan dit dus oor die magsverhouding tussen groepe: tussen mans en vroue, en tussen mans en kinders; veral in die konteks van die familie instelling (Bell, 1993:3).

## 5.2 KONSTRUKSIES VAN BLOEDSKANDE IN TRIOMF

In Triomf vind ons dat die Benades-kinders vinnig in bloedskande vasval. Die feit dat hulle patriargale pa hul geleer het dat hulle meer waardevol is as ander mense (p.117), het ironies genoeg, daartoe aanleiding gegee dat hulle in die bose kringloop van bloedskandelikheid vasgevang geraak het (Hattingh, 1994:5) Aangesien Oupop te arm was sodat Oumol tuis kon bly en haar kinders groot maak, is hulle sonder toesighouding by die huis gelos terwyl Oupop en sy vrou vir lang ure gaan werk het (p.117), sodat niemand die seksuele speletjies van die kinders gestop het nie en dit later tot bloedskande aanleiding gegee het (p. 118). Dit was dan al manier waarop Mol as jong meisie van Treppie se lekkers kon kry: as sy seksueel met hom verkeer het (p.141). Die verhouding tussen mag en seksualiteit kom in dié voorbeeld sterk na vore. Mol was van haar broers afhanklik vir sosialisering en beskerming en het hulle toegelaat om haar te verdruk.

Uit hierdie bloedskandelike verhoudings is 'n baba, Lambert,

gebore. Alhoewel niemand seker is wie se kind hy werklik is nie, neem Pop dadelik die rol van die pa en Mol se man aan. Sodoende word bloedskande onder die dekmantel van 'n kerngesin versteek (p.24). Dit raak egter jare later duidelik dat hy eerder Treppie se kind kan wees as gevolg van die ooreenkomste tussen hulle twee (Hattingh, 1994:5). Dit is duidelik dat Treppie terdeë daarvan bewus is, as hy amper sy mond verby praat wanneer hy Lambert vra om na hom toe te kom. Betyds besef hy dat hy na homself as Lambert se oom moet verwys (p.46). Hy ontken egter hewig dat hy Lambert se pa kan wees as hy daaroor gekonfronteer word (p.110). Hoewel hulle bloedskande as natuurlik beoefen, handhaaf hulle 'n skyn-aansien van "'n gewone gesin" teenoor die samelewing. Dit is teen die agtergrond van dié skynmoraliteit dat 'n mens ook hul kritiek op die lesbiërs moet lees.

Alhoewel Oupop eintlik die een is wat verantwoordelik is vir die toestand waarin sy broer en suster verkeer, erken hy nêrens duidelik sy skuld nie. Die feit dat hy vir jare hom as Lambert se pa voorgedoen het, het hom van sy eie waardigheid oortuig as die bewaarder van vrede en Mol se respektabele "man" (Hattingh:1995).

Moeder-seun-bloedskande kom egter ook voor as Mol hierdie bloedskandelike leefwyse na Lambert toe oordra. Op driejarige ouderdom het Mol uitgevind dat die huilende kind kalm raak as sy sy penis vryf. Sodoende het sy in die gewoonte vasgeval (p.38-39). Toe hy later groot raak, het hy ook aanspraak op haar lyf gemaak.

Dan het hulle in haar kamer in verdwyn, 'n gewoonte wat Treppie en Pop ook gehad het. Wanneer laasgenoemdes egter met haar verdwyn het, het hulle hom net meegedeel dat hulle "family matters" gaan bespreek (p.29). Nooit het hy geweet dat hulle haar ook seksueel misbruik nie.

In die hede van die boek is Pop nie meer seksueel vir Mol 'n bedreiging nie; hy verkeer nie meer met haar seksueel nie (p.140). Sy vermoed ook dat Treppie impotent is, aangesien hy 'n maand laas met haar seksueel verkeer het en nou die gewoonte het om vir Lambert aan te hits om haar te misbruik (p.173).

Die gewelddadigheid van die mans se seksuele misbruik van Mol word onderbeklemtoon. Daar word byvoorbeeld net gemeld dat, wanneer hulle haar klaar gebruik het, hulle haar net so gelos het. Sy het dan verstote en alleen gevoel, maar het nooit kans gesien om hulle weg te wys nie (p.187). Mol probeer haarself troos met die gedagte dat sy hulle almal met seks bymekaar hou (p.39) (Hattingh, 1994:5). Sy het ironies genoeg 'n manier gevind om Oupop se wens dat hulle altyd bymekaar moet bly, te vervul. Enersyds kan dit as kommentaar gesien word op die man se vermoë om werklik mense bymekaar te hou, maar andersyds gee die roman 'n ontstellende voorstelling van die verdrukking van die vrou in 'n oënskynlik respektabele gesinsverband.

Mol begin mettertyd in verset kom teen hierdie bloedskandelikheid

nadat Lambert haar hardhandig begin hanteer het. Wanneer hy dan probeer om met haar seks te hê, weier sy hom botweg. Hy beledig haar lelik, maar moet onverrigtersake omdraai (p.87). Dit is dus tekenend daarvan dat Mol, alhoewel in 'n laat stadium, wel beheer oor haar lewe begin neem het en nie meer bereid was om alles te doen wat hulle geëis het nie. Dit kan geïnterpreteer word as haar (beperkte) verset teen patriargie. Dit bevestig Bell (1993) se siening dat die moeder-seun-verhouding patriargie kan verbreek.

Ongebondenheid (huwelikloosheid) is ook 'n uiting van bloedskande. In die hede van die boek het die familie al oud geraak. Pop ontvang reeds pensioen, Treppie en Mol is ook al oud en Lambert, die jongste, nader sy veertigste verjaarsdag. Nie een van hulle kom egter tot trou nie. Hulle het vir al die jare so voort gegaan. Nog nooit het Lambert by 'n ander vrou, behalwe sy ma geslaap nie. Dit impliseer egter nie dat hy nie die begeerte na 'n ander vrou het nie. Hy probeer self uit die bose siklus van bloedskande breek, met sy begeerte om net sy eie meisie te hê (p.31). Tot in daardie stadium kon hy egter nooit daarin slaag nie, sodat Treppie hom belowe dat hy vir sy veertigste verjaarsdag vir hom 'n meisie as present sou kry. Lambert sien duidelik daarna uit, sodat hy selfs die huis skoonmaak, al die gemors uitbrand, en lekkernye vir die meisie kry. Hierdie strewe na verandering na soveel jare van verwording, is by voorbaat gedoem.

Wanneer die aand van sy verjaarsdag aanbreek, is die "meisie" 'n

prostituut en daarby 'n swart vrou. Volgens die Benades was dit "volksvreemd" vir die Afrikaner om seksueel met ander rasse te verkeer. Ook uit dié beginselvastheid blyk hul skynheiligheid. Maar skielik het die konvensies vir Lambert (asook vir Treppie-hulle wat die meisie vir Lambert gekry het) nie meer saak gemaak nie. Hy was bereid om met haar seksueel te verkeer, sodat dit gelees kan word as 'n verset-aksie teen die sosio-politieke stelsel en spesifiek apartheid.

Die roman se beskrywing van Lambert se uiterste pogings om "die meisie" goed te laat voel, is deerniswekkend. Uiteindelik was die tyd om voordat hy seksueel met haar kon verkeer. Eers teen die einde van die aand het hy besef dat sy 'n prostituut was (p.389). Sy beledig hom boonop. Sy drome word dus weereens verydel. Lambert se pogings om weg te breek en eksogamiese verbintenisse aan te gaan was futiel en beklemtoon sy uitgelewerdheid aan sy haglike omstandighede.

Die roman toon aan dat nie alle mans bloedskande pleeg nie. So het Oupop nie homself skuldig gemaak aan bloedskande nie. Hy was egter 'n stoere patriarg, wat sy vrou totaal verdruk het ten aanskoue van sy kinders. Oupop is nie heeltemal onskuldig nie, maar 'n mens kan redeneer dat hy hom op sy beurt ook in 'n onderdrukkende stelsel bevind het wat hy op sy beurt op sy familie oorgedra het.

In die roman kom dit na vore dat bloedskande nes patriargie 'n

sisteem van dominasie veronderstel waar mag saamhang met die uitbuiting van menslike begeertes. Triomf lewer in die proses kommentaar op spesifieke hedendaagse Suid-Afrikaanse diskursiewe praktyke en die ideologieë waarmee dit mag beheer.

## 6. APARTHEID

Die uiting apartheid kom binne die armoede-diskoers en die uitings patriargie en bloedskande baie prominent voor in Van Niekerk se roman.

### 6.1 APARTHEID AS ALGEMENE UITING

Die Apartheidsregime is ingestel deur die proklamering van die Groepsgebiedewet deur die NP-regering van 1948. Apartheid is gebaseer op die uitings wit dominansie, rassisme en rassediskriminasie. Ander uitings is onder andere aparte woongebiede, gedwonge verskuiwing, industrialisasie, swart verdrukking, swart verset en wit bevoorregting. In hierdie afdeling word aangevoer dat die dominasie van een ras deur 'n ander 'n hiërargiese verhouding en 'n ontaarding van mag impliseer wat ten nouste aansluit by die kritiek op die patriargie soos reeds aangedui ten opsigte van Triomf se voorstelling van armoede en bloedskande.

Sedert vyftig jaar gelede is Suid-Afrikaanse grondgebied ingedeel in groepsgebiede. Die wit areas was meer as vyf-sesdes van die totale oppervlak van die land, terwyl die wit bevolking minder as een-vyfde van die totale bevolking van die land is (Mason, 1971:4). Die swartes het 'n pas nodig gehad om in die wit areas te beweeg, waarsonder hulle terug gestuur kon word na hul tuisland of in die tronk gestop kon word deur die magtige polisie van daardie tyd. 'n Pas is egter net aan diegene gegee wat gewerk het in die wit areas en moes gereeld hernu word. Dus het meestal mans oor passe beskik,

terwyl hul vroue en kinders in die reservate moes bly. Dus was die stelsel ook verantwoordelik vir die opbreek van huisgesinne onder swart geledere. Wanneer die persoon sonder werk geraak het, moes hy summier die gebied verlaat en terugkeer na die tuislande.

Swart mense het nie die reg gehad om 'n vakbond te vorm om sodoende om beter salarisse te beding nie. Hulle salarisse was gewoonlik een-vyfde van die wit werkers s'n vir dieselfde werk. Baie van die werksgeleenthede was wetlik gereserveer vir wittes (Mason:1971:4).

Apartheid was ook op rassisme gebaseer. Dit was geskoei op rassemeerderwaardigheid. Dit sluit beide vooroordeel en rassediskriminasie in. Dit sluit ook sosiale stelsels in wat sistematies teen gegewe rasse-kategorieë diskrimineer. Baie skrywers gebruik die term "geïnstitusionaliseerde rassisme" om na die sosiale strukturele aspek van rassisme te verwys en die manier waarop spesifieke rasse-vooroordeel en stereotipes geïnkorporeer word in wetlike, administratiewe en sosiale stelsels (Seymour-Smith, 1986).

Geïnstitusionaliseerde rassisme mag ontleed word as 'n produk van klassebelange en klas-ideologieë. Dit dui ook, op internasionale vlak, op die produk van kolonialistiese en imperialistiese strategieë wat rassisme as 'n belangrike element in die regverdiging en handhawing van verhouding, van uitbuiting en ongelyke ruil inspan, met ondergeskikte bevolkings wat fisies

verskillend is. Kenners van rassisme toon aan hoe die opkoms en val van rasse-stereotipes en rassevooroordeel nou verwant is aan die veranderende historiese verhoudings tussen verskillende bevolkings en bo alles van die belange van die dominante groepe afhang (Seymour-Smith: 1986).

## 6.2 KONSTRUKSIES VAN APARTHEID IN TRIOMF

In Triomf is dit duidelik dat die voorstad, Triomf, sy ontstaan te danke het aan die Apartheidsbeleid van die NP. Sophiatown is daardeur as 'n wit area gereserveer en ongeag die inwoners daarvan se gebondenheid aan die area, was hulle verplig om te trek sodat die arm wit mense daar 'n heenkome kon vind met die hoop om hul posisie te verbeter op maatskaplike gebied (p.2). Die roman beklemtoon egter in elke detail dat die Afrikaner se hoop op 'n triomf net 'n wensdroom was.

Apartheid kan ook as 'n bloedskandelike verhouding van die Afrikaners gesien word - waar dit volgens die karakters in Triomf deur die patriarg Malan besluit is om "bymekaar te hou wat bymekaar behoort", dus om "rassuiwerheid" te verseker deur skeiding. Daarom het Oupop in 1948 vir hom gestem, uit familie-instink (p.118). Daar word geïmpliseer dat die Benades en die N.P. dieselfde soort waardes onderskryf het. Die roman eindig met die val van die N.P. en die verval van die Benades.

Die gebeure rondom Sophiatown impliseer dat die staat groot

onkostes aangegaan het om hul apartheidstelsel te implementeer - daar moes betaal word om Sophiatown te sloop, om Sophiatown se inwoners te verskuif, en om nuwe huise in Triomf en Meadowlands te bou. Niks is egter ontsien om die apartheidsbeleid uit te voer nie, sodat hulle verantwoordelik is vir die grootskaalse verarming van die land. Hulle het die politieke en ekonomiese mag besit, maar dit onoordeelkundig gebruik om 'n minderheid te bevoordeel ten koste van die meerderheid.

Die roman lewer telkens kommentaar op die absurditeite van apartheid. Daar word byvoorbeeld vermeld dat daar slegs in Annandale 'n veelrassige kerk, die Katolieke Kerk, was waar die priester nie apartheids-konvensies gehuldig het nie en byvoorbeeld almal met dieselfde hand gegroet het - 'n verskynsel wat volgens Treppie "volksvreemd" is (p.3). Hierdie voorbeeld illustreer hoe mense sosiaal van mekaar vervreem is deur die apartheidstelsel.

Die teks wemel van ras-pejoratiewe - nie net onder die Afrikaners nie (p.1), maar ook onder die ander rasse. Behalwe dat die Afrikaners die ander rasse negatiewe benamings gee soos "kaffer" en "hotnot", maak die ander rassegroepe hulle ook daaraan skuldig. Die swartman by die vullishope verwys na die bruin mense as "boesmans" (p.212) en na homself as 'n "kaffer" (p.212). Dus wys dit dat die wittes se rassisme ook oorgedra is na die ander rasse.

Baie tekens van stereotipering kom ook onder die verskillende rasse in die roman voor. Ons hoor hoe Treppie smaakvol vertel hoe die swartes honde gaarmaak en eet (p.4). Dit vertel hy lustig, terwyl hy dit nêrens gesien het nie, en daardeur slegs die swartes verder in 'n swak lig wil stel. Hy weier ook om op die grond te slaap soos 'n "kaffer". Mol ontmasker sy stereotipering as sy haarself afvra hoe hy weet dat swartes op die grond slaap (p.166).

Die swart man by die vullishope stereotipeer die bruin mense as volg: "Hulle lê dronk en suip en steek jou met messe en goed" (p.212).

Die roman lewer ook kommentaar op rasse-klassifikasie op grond van die uiterlike. Die swart man van die vullishope vertel dat hy saam met bruinmense in Bosmont gewoon het, omdat hy geel van kleur was. Hy het nooit met hulle gepraat nie vanweë sy aksent en het so sy "identiteit" geheim gehou (p.212). Selfs Lambert sukkel om die swart man te klassifiseer vanweë sy velkleur (p.208).

Die Benades word uitgekryt as "slegter as kaffers" deur mense van hul eie ras (p.142 & p.205). Mevrou Beyleveldt etiketteer hulle as "'n swak tipe Afrikaner" (p.142). Dit versterk die siening onder witmense dat swartes sleg is. Die roman toon telkens aan hoe relatief persepsies is en dat laasgenoemde met 'n behoefte aan self-identiteit te make het.

Die roman suggereer mettertyd 'n verset teen apartheid. Die ontoereikendheid van rassisme word duidelik aangespreek wanneer die swartman eers Lambert van die dood red, en later verhoed dat hy hom met sy eie uitskeiding bevuil deur hom van sy coke te gee (p.208). Tydens die voorval weier Lambert aanvanklik om die man se vriend genoem te word - dus om gelyk gestel te word aan hom (p.209). Die swart man sinspeel dan op rasse-stereotipes om gesteelde items aan Lambert te verkoop. Hy verwys na homself as 'n "kaffer" gee Lambert "positiewe" benamings byvoorbeeld "baas" (p.209). Hy slaag in sy doel as Lambert se hart versag, sodat laasgenoemde eerstens besluit om sy houding jeens die swart man te verander (p.210).

Lambert gaan so ver om saam met die man dagga te rook aan dieselfde pil, en groet hom volgens die gewoonte onder swartes wat drie keer die hand volgens 'n patroon vat (p.210). Dus word die taboe's en konvensies verbreek rondom die saam wees, iets te deel en mekaar met die hand te groet. Wanneer die swart man dus te kenne gee dat hy drie dae laas geëet het, kry Lambert hom so jammer dat hy dadelik die gesteelde items by hom koop en sy vyftig rand en ses ete kaartjies vir hom gee (p.214). Hy is selfs bly dat hy nie weet waar die man bly nie, sodat hy hom nie sal kan verraai aan die polisie nie.

'n Verdere verbreking van die Afrikaner se apartheidskonvensies is die feit dat Lambert, soos bo genoem, bereid was om 'n swart meisie te "onthaal" en met haar seksueel te verkeer.

Die verandering in die Benades se houding teenoor die swart mense bereik 'n hoogtepunt as Treppie nadat President Mandela se toespraak oor die televisie gebeeldsend is, vir Mol-hulle maan dat hulle hul woordeskat ook sal moet verander en dat hulle selfs nie eens meer woorde soos "kaffer" moet gebruik nie, aangesien "die verlede nou verby is", soos President Mandela gesê het (p.449). Dit lyk dus asof hulle onmiddellik sy leierskap aanvaar het. Hierin word ook iets van die naïwitiet van die werkersklas en hulle maklike beïnvloedbaarheid geïllustreer. Hulle is reeds in die mag van 'n nuwe dominante groep.

Die Benades het vanuit hul nuut gevonde politieke posisie selfs vir F.W. de Klerk, die leier van die NP, 'n les te leer. Volgens hulle kan hy ook leer dans by die ANC, soos Carl Niehaus blykbaar geleer het na aanleiding van die ANC se feesvierings na die verkiesingsoorwinning wat op televisie uitgesaai is (p.448).

Aparte woongebiede, die kern van apartheid, word opgehef. So kry Treppie-hulle swart bure (p.449), nadat die lesbiërs uit hul huis getrek het. Dit impliseer letterlik die einde van apartheid; dat die apartheidsregime dus totaal misluk het. Dit bevestig dat Levi-Strauss se motto van "marry out or be killed out" uiteindelik vir die Afrikaner waar geword het.

Deur apartheid het die Afrikaner nie net die land verarm en hulle van die ander rasse-groepe in Suid-Afrika afgesny nie, maar hulle

ook van die buiteland vervreem, aangesien sanksies deur die buiteland toegepas is. Suid-Afrika is geïsoleer van die res van die wêreld om hulle sodoende te dwing om afstand te doen van apartheid.

Die verset-aksies van die swartes binne die land het uiteindelik vrugte af gewerp deurdat hul eie politieke organisasie, die A.N.C. na al die jare van lyding die land regeer.

Polities gesproke kan die Benades in Triomf (1994) gelees word as simbolies van die verwording waartoe die Apartheidsfilosofie gelei het. Die feit dat die verloopte gesin uiteindelik teregkom in Triomf wat op die rommel van Sophiatown gebou is, wys op die mislukking van die apartheidseksperiment. Vir die armes bly 'n "triomf" altyd uit.

Triomf beklemtoon dat mag verplaas kan word en dat dit voortdurend in nuwe diskursiewe formasies tot uiting kom. Uiteindelik is Van Niekerk se roman 'n teken van produktiewe verset teen die huidige magswisseling in die land. Die roman impliseer dat hierdie magsverskuiwing nie werklik uitings soos bloedskande of patriargie sal uitwis nie.

## HOOFSTUK 7

## SLOT

Die roman stel op 'n veelsydige wyse die armoede-diskoers en daarbinne die uitings patriargie, bloedskande en apartheid aan die orde. Die geskiedenis, antropologie, psigologie, asook ander literêre tekste oor armoede kom aan die woord in 'n dramatiese en baie volledige voorstelling van die lewe van die proletariaat.

Die roman het al verskeie toekennings gekry, maar die kritiek het nog tot dusver nie die sosio-politieke kommentaar wat die roman lewer, deurgrond nie. Hierdie ondersoek het aangetoon dat die roman skerp reageer op 'n samelewing gekenmerk deur dominasie van een groep deur 'n ander. Verskeie binêre opposisies soos mans teenoor vroue, die stad teenoor die platteland, koloniseerder teenoor gekoloniseerde, hetero-seksueel teenoor homoseksueel, wit teenoor swart, ryk teenoor arm word in die roman uitgelig. In elk van hierdie opposisies is daar sprake van verdrukking en uitbuiting van mense.

In hierdie studie is veral gekonsentreer op die wyse waarop armoede, bloedskande en apartheid verband hou met die voorstelling van die patriargie in die roman. Daar is bevind dat daar 'n onlosmaakbare verband tussen hierdie begrippe geïmpliseer word. Die verskyning van die roman pas na die afloop van die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika open interessante interpretasiemoontlikhede. Triomf lewer nie net 'n ontmaskering

oorheersing gekenmerk is nie. Dit kritiseer alle moontlike korrupsie van mag wat voortvloei uit magsdominasie. In hierdie sin is die aanbreek van 'n nuwe bewind nie vry te spreek van kritiek nie en bied Triomf 'n waarskuwing dat daar reeds voorheen in die Suid-Afrikaanse geskiedenis 'n soortgelyke idealisme onder mense was en dat politici met hul retoriek nie veel kon verander aan die lot van selfs die regerende party se eie mense nie.

Triomf stel alles kompleks voor. Wat herhaaldelik beklemtoon word is dat daar nie iets soos maklike oplossings of uitweë is nie. Die mens sit vasgevang in 'n netwerk van verhoudings (sosiaal, ekonomies, religieus, seksueel, ensovoorts) en kan hoogstens illusies koester van oplossings.

Die Benades se bloedskandelike lewenswyse lewer kommentaar en simboliseer die manier waarop die NP-regering met apartheid die wit mense wou afsny van die res van die land se bewoners. Die broers en suster, en later die ma en seun, leef bloedskandelik met mekaar saam. Die voorkoms van bloedskande in die Benade-familie kan dus ook as 'n faktor beskou word wat vir die chaos waarin hulle hul bevind, verantwoordelik is. Dit dui nie net op die fisiese chaos nie, maar ook op die psigologiese chaos waarin hulle verkeer omdat hulle hul afgesny het van ander mense. Dit het aanleiding gegee tot hul armoede en hul emosioneel ook van hulself afgesny.

Die Afrikaners het ook op bloedskandelikheid besluit toe hulle

apartheid ingestel het, omdat hulle bymekaar wou hou wat bymekaar hoort. Die feit dat hulle hul vervreem het van alle ander mense, dui daarop dat apartheid gedoem was van die begin af, omdat dit teen die beginsel van "Marry out or be killed out" was.

Die ras wou hom suiwer hou. Hulle was bang vir vermenging en wou hulself bevoordeel ten koste van die ander rasse. Daardeur het hulle hul egter ontneem van baie dinge; materieel sowel as sielkundig. Hulle kon op min gebiede vordering maak; was afgesny van hulself ook omdat hulle in vrees gelewe het. Hulle het die land ekonomies uitgeput aangesien dit baie geld gekos het om apartheid te implementeer en in stand te hou. Hulle moes hul rasgenote probeer red uit die armoede waaronder hulle gebuk gegaan het en ook verset-aksies vanuit swart geledere hanteer. Alles het dus met grootskaalse uitgawes gepaard gegaan. Daardeur het die selfvernietigingsproses begin.

Dit was egter maklik vir die N.P- regering om apartheid te implementeer omdat dit 'n patriargale stelsel was wat in stand gehou is deur mans, wat die politieke arena gedomineer het. Mans wat vanweë hul patriargale houding waarin die vrou verdruk is, die houding verskuif het van een groep na 'n ander, van vroue na die "nie-blankes" - hulle wat nie as wit beskou is nie. Dus het hy dieselfde houding wat hy openbaar het om die vrou aan hom onderdanig te hou, ook gebruik om ander rasse te verneder en te onderdruk. Maar net soos met 'n bloedskandelike verhouding, het

hul eie afsondering dus ook hul eie vernietiging veroorsaak.

In 1994 kon die NP egter net 23% van die stemme inpalm teenoor die meerderheid stemme wat aan die ANC gegaan het. Laasgenoemde organisasie was die magtigste en het hul voorgehou as nie-rassig en nie-seksisties. Hulle was ook die magtigste party onder die swart geledere, aangesien hulle vir al die jare besig was met bewusmaking van die swart mense en verset-aksies teen apartheid en diskriminasie.

Die stempersentasie van die NP sou veel minder gewees het, as dit nie was dat hulle betyds hul party oopgestel het vir ander rasse nie, en daardeur (soos in 1948) die meerderheid bruinmense se stemme by hulle getalle gevoeg het nie. Daarmee het hulle dus ook begin gehoor gee aan die "marry out or be killed out"-beginsel.

Die verskyning van Triomf in die jaar waarin die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind het, is belangrik. Die roman gee 'n bestekopname van hoe mag, spesifiek dié van wit Afrikaner-mans ontaard het. Of die lot van die proletariaat verbeter gaan word in die nuwe bedeling, is te betwyfel. Die politieke spel gaan voort en mag en dominasie bly deel van die spelreëls. Die roman kan uiteindelik gelees word as skerp kritiek op politici in die algemeen en meer spesifiek 'n waarskuwing teen die selfvernietigende kragte van die patriargie.

Hierdie lesing van Triomf bevestig die Foucauldiaanse siening dat verskillende diskoerse met mekaar in interaksie is en dat 'n literêre teks nie as 'n geïsoleerde uiting gelees behoort te word nie.

Dit is ook duidelik dat kennis mag genereer. So het die Engelse mag bekom in Suid-Afrika deurdat hulle oor die kennis (industrialisasie) beskik het en dit geïmplimenteer het. Daardeur het hulle mag bekom en vanuit die posisie van mag die Afrikaners begin verdruk.

Die teks bevestig ook dat verset vanaf die periferie moet begin om as verset te dien, en dat dit reeds mag suggereer. Die swart mense en wel die A.N.C. het reeds tydens die Sophiatown-verskuiwing in verset gegaan. Die verset-aksies was daardie tyd egter onsuksesvol en met verloop van jare het hulle verset gegroei sodat hulle in 1994 mag oorgeneem het in die land.

**8. BRONNELYS**


Baldick, Chris. 1990. The Concise Oxford Dictionary of Literary Terms. Oxford University Press:Oxford.

Beckson, Karel en Ganz, Arthur. 1961. A Reader's Guide to Literary Terms. London: Thames & Hudson.

Bell, Vikki. 1993. Interrogating Incest. Feminism, Foucault and the Law. London: Routledge.

Benet, William Rose. 1987. The Reader's Encyclopedia. London: A & C Black.

Birch, David. 1991. Language, Literature and Critical Practice. London: Routledge.

Bloom, Harold. 1994. A Poetics of Conflict. New York: Harvester Wheatsheaf.

Bonner, Frances et al. 1992. Imagining Women. Cultural Representations and Gender. Cambridge: Polity Press.

Bothma, Gawie. 1994. Blitsverkoper wat nie volkome oortuig. Die Burger. 17 Augustus. p.5

Bové, Paul A. 1990. (in Lentricchia, Frank & Mc Laughlin, Thomas. Critical Terms for Literary Studies. Chicago: University of Chicago Press.

Braidottii, Rosi. 1991. Patterns of dissonance. Cambridge:

Polity Press.

Butler, Judith. 1990. Gender Trouble. Feminism and the Subversion of Identity. New York: Routledge.

Butler, S. 1985. Conspiracy of Silence: The trauma of Incest. San Francisco: Volcano Press.

Coetzee, Ampie. 1990(a). Die Afrikaanse Letterkunde en 'n Nasionale Kultuur "Raka" as Mediëringsmodel. Bellville: University of the Western Cape.

Coetzee, Ampie. 1990(b). Letterkunde en krisis. Bramley: Taurus.

Coetzee, J. H. 1942. Verarming en oorheersing No XXII. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Daly, Mary. 1978. Gyn/Ecology: The metaethus of Radical Feminism. Boston: Beacon Press.

De Jong, Marianne. 1989. 'n Ander Afrikaanse Letterkunde. Pretoria: Raad vir Geestes Wetenskaplike Navorsing: RGN.

De Jong, Marianne. 1994. Sy sien duidelik motief agter Triomf-resensie. Die Burger. 25 Augustus. 80 (p.12).

Du Preez, A. 1994. Boete: Dertig silwerlinge. Die Volksblad. 1 Oktober. p.6.

During, S. 1992. Foucault and Literature. Towards a genealogy of writing. London:Routledge.

Dworkin, Andrea. 1976. Our Blood: Prophecies and discourses on Sexual Politics. New York: Harper and Row.

Eisenstein, Zillah. R. 1979. Capitalist Patriarchy & The Case for Socialist Feminism. New York: Monthly Review Press.

Foucault, Michel. 1970. The Order of Things. London: Tavistock:

Foucault, Michel. 1972. The Archaeology of Knowledge. London:Tavistock.

Gammon, Lorraine & Marshment, Margaret. 1988. The Female Gaze. Women as Viewers of Popular Culture. London: The Women's Press Limited.

Gatens, Moira. 1991. Feminism and Philosophy. Perspectives on Difference and Equality. Cambridge: Polity Press.

Gouws, Tom. 1994. Benade-baksel genadeloos oopgevlek. Grillige detail van vervorming en verkeerde weë. Die Volksblad. 7 November.

Griffin, Susan. 1975. Rape: The All-American Crime in Freeman, Jo. 1975. Women: A Feminist Perspective. California: Mayfield Publishing.

Hambidge, Joan. 1994. Lank lewe die literêre skindertuin.

Beeld. 21 Julie. p.3.

Hartmann, Heidi. 1986. The unhappy marriage of Marxism and Feminism: towards a more progressive union. in Lydia, Sargent. 1986. women and Revolution. London: Pluto. p.1-41.

Hattingh, M. 1995. Klipdrift and Coke. Southern African Review of Books. July/August. p.5.

Hough, Barrie. 1994a. Marlene se Triomf wys ons is almal so. Rapport. 26 Junie. p.39.

Hough, Barrie. 1994b. Dit is een van die beste romans wat in jare verskyn het. Insig. 31 Julie. p.3.

Huntington, Richard & Metcalf, Peter. 1979. Celebrations of death. London: Cambridge University Press.

Joubert, Dirk Daniel. 1972. Toe witmense arm was. Kaapstad: Tafelberg.

Kannemeyer, J. C. 1990. Die Afrikaanse Literatuur 1652-1987. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kristeva, Julia. 1986. Oscillation between Power and Denial. in Marks, Elaine & De Courtivron, Isabelle (ed.) 1981. New French Feminism: an Anthology. Brighton: Harvester Press.

La Fontaine, J. 1990. Child Sexual Abuse. Cambridge:

Polity Press.

Le Roux, J. H. 1994. Dit is nie geskikte leesstof vir gesin of vriend nie. Die Burger. 22 Desember. p.14

Levi-Strauss, C. 1969. The elementary Structures of Kinship (Translated by J. Bell. et al. 1978. Boston: Beacon Press.

Lodge, Tom. 1987. Black politics in South-Africa since 1945. Johannesburg: Ravan Press.

Malson, Micheline R. et al. 1986. Feminist Theory in Practice and Process. Chicago:The University of Chicago Press.

Mason, Philip. 1971. How peoples differ. An introduction to race relations. London:Edward Arnold.

McNay, Lois. 1994. Foucault, a Critical Introduction. Oxford: Blackwell.

Meer, Y. S. & Malan, M.D. 1983. Apartheid - our Picture. Durban: Institute for Black Research.

Millet, Kate. 1977. Sita. New York: Farrar, Strauss & Giroux.

Mirken, Marsha Pravder. 1994. Women in Context. Towards a Feminist Reconstruction of

Psychotherapy. New York: Guilford.

Mitchell, Juliet. 1971. Woman's Estate. Harmondsworth: Penguin.

Muller, Martie. Die triomferende mitologie in Marlene van Niekerk se Triomf in Hattigh, M. en Willemse, H. 1995. Vernuwing in die Afrikaanse Letterkunde. Bellville: Universiteit van Weskaapland namens die Afrikaanse Letterkundevereniging.

Olivier, Fanie. 1994. 'n Triomfantelike debuut. Beeld. 4 Julie. p.10.

Palmer, Paulina. 1989. Contemporary Women's Fiction. Narrative Practice and Feminist Theory. Hertfordshire: Harvester Wheatsheaf.

Platzky, Corine & Walker, Cherryl. 1985. The Surplus People Forced removals in South Africa. Johannesburg: Rovan Press.

Rice, Philip & Waugh, Patricia. 1989. Modern Literary Theory - A reader. London: Edward Arnold

Rubin, G. 1975. The Traffic in Women. Notes on the "Political Economy" of Sex. in R. Reiter (ed.) New York: Monthly Review Press.

Seymour-Smith, Charlotte. 1986. <u>Macmillan Dictionary of Anthropology</u>. London: Macmillan.

Stein, Pippa & Jacobson, Ruth. 1986. (red.) <u>Sophiatown Speaks</u>. Johannesburg: Junction Avenue Press.

Swartz, Mari-Anne. 1994. Sy wou nie skok met roman, sê Marlene. <u>Die Burger</u>. 9 Augustus. p.5.

Touleier. 1938. <u>Armblanke-Vraagstuk</u>. Johannesburg: Die S.A. Vryheidspers.

Van Jaarsveld, F. A. 1981. <u>Wie en wat is die Afrikaner</u>. Kaapstad: Tafelberg.

Van Niekerk, Marlene. 1994. <u>Triomf</u>. Pretoria: Quiellerie-Uitgewers.

Van Reenen, Rykie. 1994. Hierdie Marlene ken werkersklasbuurt. <u>Beeld</u>. 17 November. p. 3.

Venter, L. S. 1994. Geen doekies gedraai om Triomf se Karakters. <u>Rapport</u>. 24 Julie. p.17.

Viljoen, Louise. 1994. Skroewe en brackets spat in Triomf. <u>Die Suid-Afrikaan</u>. 31 Augustus. p.53.

Ward, E. 1984. <u>Father-Daughter Rape</u>. London: Women's Press.



Library
Signature Not Verified
Digitally signed by Library
DN: cn=Library, o=UWC, ou=LICT, c=ZA
Date: 2005.11.01 11:19:35 Z
Reason: Document is released